Waarvoor Is Die Heilige Gees Gegee?

Julle sien, Broer Neville glo in oplegging van hande.

Ek sien ek het 'n paar vrae. Nou, ek sal hierdie môreaand neem, want ek het nie tyd om vanaand deur hulle te kyk vir julle nie, miskien oor gisteraand se Boodskap. Nou, as enigiemand 'n vraag het oor enige van die Boodskap, sit hulle net neer een aand, en ek sal hulle die volgende aand optel.

2 Nou, môreaand wil ek graag kry, of hê, liewer, 'n paar predikers, indien moontlik; indien nie, 'n paar goeie standvastige manne of vroue waarop ons kan beroep in die tyd van nood, dat in die geval . . .

Môreaand begin ons, na die Boodskap, om hande op te lê en, vir die Heilige Gees. En dan, daar sal 'n . . . Julle sal julle voorreg hê om net hier te bly as julle wil, dwarsdeur die vakansie, as dit so lank vat om dood te gaan. En dan—dan, indien nie, as julle begeer om na julle eie huis te gaan, tog, ons sal bly wees, as julle in 'n plek kom waar julle . . . Net nie weet waar om te gaan . . .

Ons sal 'n paar predikers kry, hulle nommers, as julle besoekers is; hulle nommers, waar hulle bly, dat waar ons hulle dadelik in die hande kan kry; en een in een huis kry, een in 'n ander, en een in 'n ander, dat hulle julle instruksies kan gee, julle wat gaan soek vir hierdie groot seëning waarvan ons praat, die doping van die Heilige Gees.

3 Gisteraand het ons gepraat, "wat Dit was." *Wat Was Die Heilige Gees?* En ons het Dit gevind net omtrent alles te wees wat God ons beloof het. Uh-huh. Daarin het ons gevind net wat God se Kerk sou benodig. Ons het Dit gevind 'n seël te wees, 'n Trooster, die rus, en die vreugde, en die vrede, en die opstanding. En alles wat God beloof het aan Sy Kerk, lê binnein die Heilige Gees.

4 En nou, vanaand, ons wil preek oor, of praat oor, onderrig oor . . . Ek het omtrent drie of vier bladsye van tekste hier, of Skrifte, Daaroor, waarin . . . Gisteraand het ek my Cruden se Konkordansie hier laat lê, en ek het dit nie gekry nie. En ek moes net vandag die beste wat ek kon deurgaan met die Skrifte. Nou, en môre . . . Vanaand onderrig ons oor: *Wat Was Die Doel Van God Om Die Heilige Gees Te Stuur?* Waarvoor is Dit? As Dit so 'n groot ding is, hoekom het God Dit dan gestuur?

5 Dan môreaand wil ons praat oor: *Is Dit vir Jou?* en *Hoe Kry Jy Dit?* en *Hoe Weet Jy Wanneer Jy Dit Het?*

En dan, na ons daardeur is, met die Skrifte, dit verklaar deur die Skrifte, die Skrif gebruik vir alle dinge, dan sal diegene wat die Heilige Gees soek na vore kom dan. En dan hoop ek die herlewing is aan, van dan af aan, om dan verder te gaan met die Heilige Gees.

6 Nou, terwyl daar môreaand heelparty 'n hele rukkie mag bly by die kamers in die kerk, voel ek as ons kan kry soveel predikante en daardie mense wie ondervinding het in mense lei na die Heilige Gees, om hulle te ondersteun, om binne-in die huis te gaan saam met 'n—'n vrou en haar man, of—of met iemand wat die Heilige Gees soek, wat goed onderrig is in wat om te doen.

As julle net julle telefoonnommer of adres aan die pastoor kan gee, vanaand of môreaand. Gee dit net aan Broer Neville, dan sal dit ons spaar om bymekaar te kom vir 'n vergadering. Gee net julle telefoonnommer waar ons julle kan bereik. En sê dan, "Ek is beskikbaar, en as ons. . . julle my in 'n huis wil plaas." As dit is 'n—'n vrou alleen, dan kan ons 'n vrou stuur, sien, na hierdie vrou. En dan, as dit in 'n huis is waar daar 'n man en sy vrou is, wel, ons kan 'n prediker stuur.

En ons sal bly wees om julle te laat saamwerk, want ek weet julle is elkeen, geïntereseerd hierin, hierdie mees essensiële. En onthou, "Hy wat 'n siel gered het van sy dwaling, het 'n magdom sonde bedek." Sien? En die Bruid van Christus is honger en dors. Sy is in barensnood, om geboorte te skenk aan die kinders van God.

7 En nou, vanaand, voor ons die Skrifte lees, laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik vir gebed. En net voor ons bid, julle met julle hoofde gebuig, sou julle 'n versoek hê? Steek net julle hande op en sê, "God, ek steek my hande plegtig op. Ek het behoefte. Ek bid dat U my sal help, O Here." God seën elkeen van julle. Hy sien julle hande. Die Engele het hulle versoeke afgeneem.

8 En, Hemelse Vader, ons kom nou, U weer nader in gebed. Wat, geen twyfel dat gebed nie alreeds gedoen is onder die kinders van God vanaand nie, in hierdie klein plekkie, en dat liedere gesing is, en ons het harte opgelig in vreugdevolle blydskap tot die pryse van God.

9 Dawid het gesê hy sou kom in die vergadering van die heiliges van God en sy behoeftes bekend maak. En vanaand, daar was baie hande. Dalk, miskien, ek sou sê, tagtig persent van hulle wat sit in hierdie gebou vanaand het hulle hande opgesteek vir versoeke. Wys, Here, dat ons net nie sonder U

kan gaan nie. Ons moet U hê, dag vir dag. U is ons Lewe, ons vreugde, ons gesondheid, ons volgehoue krag, ons stut, ons skild, ons skild teen die vyand.

En ons kan net nie hierdie lewensstryd stry sonder U nie. Dit sal totaal onmoontlik wees vir ons om dit te doen, en ons moet totaal op U staatmaak. Want, ons weet dat ons loop deur ’n donker en troostelose land. Aan elke kant het die vyand ons omring, deur lokvalle en slagysters te gee. Ons paaie, Here, is vol slagysters gestel deur die vyand, om ons te ontstel.

10 En ons, weet, ook, aan die einde van die pad het ons daardie lang, skaduagtige vallei genaamd dood om deur te stap. O Here, wie sal ons hande vashou dan? Ons wil U nou ken, Here. Ons wil weet dat U ons hande het, en ons het U hand, dat ons daardie geankerde versekering kan hê dat wanneer ons kom by daardie laaste groot oomblik van ons lewe, wat ingaan na daardie deur genaamd dood, dat ons kan sê saam met die heiliges van ouds, “Ek ken Hom in die krag van Sy opstanding, en ek weet dat wanneer Hy roep, sal ek uitkom van onder die dooies.”

11 Nou, Vader God, ons wil bid dat U ons versoeke en ons vergadering sal seën. Seën U Woorde. En as ek enigiets sou sê wat teenstrydig met U Woord of U wil is, U het steeds die krag om ’n mond te sluit, soos U het in die leeukuil toe Daniël teenwoordig was. En ons bid, Here, dat U vanaand ore en harte sal oopmaak, dat, en in hulle ’n honger en dors skep. Mag hulle so dorstig wees dat hulle nie kan slaap of rus nie, nêrens, totdat die Trooster gekom het.

12 Ons glo dat ons lewe in die laaste dae, in die skadu van Sy Koms. En dis waarop hierdie Boodskappe gemik is, Here. Dis vir die mense om ag te gee, gewaarsku te word. En mag, vanaand, ons net die dop aftrek, nou dadelik, dit net oorkant aan die kant van die bank neerlê, sê, “Here God, ek is ’n ontvanger vir U. Laat U Gees deur my opbruis. Vorm my en maak my na U wil. Ek gee my hart oor, my krag, my alles, aan U saak.”

13 Hoor ons, Here. Ons is nie hier om gesien te word nie, op hierdie reënerige aand. Ons is nie net hier vir geen ander plek om te gaan nie. Ons is hier vir een plegtige, gewyde, heilige doel in ons harte, dit is, om tot U te nader, wetende dat U beloof het as ons tot U sou nader, U tot ons sou nader. En dis hoekom ons hier is. Hy wat honger inkom sal nie honger uitgaan nie. “Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid,” het Jesus gesê, “want hulle sal gevul word.” En as ons vir brood vra, ons sal nie ’n klip ontvang nie. Ons het daardie versekering. En as ons vir vis vra, ons sal nie ’n slang ontvang nie. Maar, God ons Vader sal ons voed met die Manna

van die Hemel, Sy Woord en Sy Gees wat getuig van Hom. Beantwoord ons gebede, Here, en ons versoeke, soos ons verder op U wag. In Jesus Christus se Naam bid ons. Amen.

14 Nou, julle wat hierdie Skrifte afskryf, as julle saam met my weer sal blaai na Johannes, die 14de hoofstuk. Ons wil begin by die 14de hoofstuk van Johannes. En laat ons begin by omtrent die 14de vers, Johannes 14:14, en net 'n gedeelte lees van hierdie Skrif. Nou, hierin sal julle baie vind van die konteks waarvan ek wil praat vanaand.

15 En onthou, julle wat die rooi-letter Bybels het, dis in rooi, hierdie is. Dis die Woorde wat Jesus Self oor gepraat het, so daarom kan ons verseker rus dat dit sal wees net soos Hy gesê het. "Hemel en aarde sal vergaan, maar Sy Woord sal nooit faal nie."

Nou ons sal lees vanaf die 14de vers van die 14de hoofstuk.

As julle iets in my Naam sal vra, sal Ek dit doen.

Wat 'n geseënde belofte!

As julle My lief het, bewaar my gebooie.

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

die einste Gees van waarheid wie die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien nie, . . .

Nou, julle wat sal lees uit 'n Griekse Bybel, sou dit hierin sien, nie. . . *Sien* daar beteken "om te verstaan." "Want die wêreld verstaan Hom nie." Dit is so waar. Laat ek dit nou weer lees.

Die einste Gees van waarheid, wie die . . . waarheid; wie die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom (wie? die Trooster); *omdat Hy by julle bly* nou (teenwoordige tyd), . . . *Hy by julle bly en in julle sal wees.*

Wat is Dit? Dieselfde Trooster.

Ek sal julle nie troosterloos laat nie: Ek . . .

Elkeen weet dat "Ek" 'n persoonlike voornaamwoord is.

. . . Ek sal na julle kom.

Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sal . . . *maar julle sien My, omdat Ek lewe sal julle lewe.*

In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.

Daar gaan die middelpunt van my gedagte wees, maar ons gaan 'n bietjie verder lees. Laat my dit ook nou lees weer.

In dié dag (die groot dag, die oordeelsdag), *dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.*

Hy wat my gebod het, *en hulle bewaar, dit is hy wat My liefhet; en hy wat My liefhet, sal deur my Vader liefgehê word, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.*

Judas, nie die Iskariot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons Uself sal openbaar, en nie aan die wêreld nie?

Dis, *kosmos*, die "wêreldorde." As julle 'n kantlyn verklaring daar het, sal julle oplet. Myne is 'n "g," en dit sê hier oorkant, *"kosmos*, of wêreldsisteem." Dis kerke, ensovoorts, sien.

. . . hoe is dit dat U aan ons Uself sal openbaar en nie aan hulle nie? Hoe kan U dit doen?

Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar: (amen) *en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.*

Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie: . . .

Mag die kerk se woorde bewaar; maar bewaar Sy woorde, julle sien.

. . . en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.

Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly;

Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner (dis, Sy Woorde) *aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

Watter doel het God dan die Heilige Gees gestuur? Mag Hy Sy seëninge aan Sy Woord toevoeg.

16 Jesus het gesê, dat, "In die dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en die Vader in My is; en julle . . . Ek in julle, en julle in My." Nou, as ons dit gaan sê . . .

17 Nou, onthou, hierdie gaan op band wees.

'n Christen sakeman, vanuit Louisville, het my geskakel 'n rukkie gelede. En hy het gesê, "Dis 'n skande, Billy, dat hierdie Boodskappe, soos jy gesê het gisteraand, gaan nie na veertigduisend hier in plaas van 'n honderd-en-vyftig, of tweehonderd, driehonderd mense by jou klein tabernakel."

18 Ek het gesê, "Meneer, binne ses maande van nou af, as Jesus vertoef, die hele wêreld rondom sal dit hoor." Sien?

Hierdie bande gaan oral oor die wêreld, sien, oral oor. En daarom, ons onderrig hier net wat ons glo die Waarheid is, en wat ons uitgevind het wat God aan ons bevestig het om Waarheid te wees.

19 Nou, die doel, wat was—wat was God se doel in die stuur van die Heilige Gees? Nou, ek sou dit afmerk, Johannes 14, beginnende by die 14de vers, en deur die hoofstuk lees, vir 'n basis. God se doel, vind ons hier, in die stuur van die Heilige Gees, was een doel, dat God Self in Sy Kerk mag woon en Sy planne deur die Kerk voortsit.

Dat, God was in Christus, Sy planne deur Christus voortgesit; vanuit Christus, na die Kerk, Sy werke deur die Kerk voortgesit.

20 Nou, ons weet wat die Heilige Gees is. Ons het uitgevind, gisteraand, dat Dit God is.

Nou, wanneer ons aan God dink, die Vader, soos Jesus hiervan praat, Sy Vader; God, die Seun, as Jesus; God, die Heilige Gees, soos wat ons Dit noem vandag. Nou, dit beteken nie dat daar drie individuele, afsonderlike Gode is nie. Dit beteken dat daar een God is in drie ampte.

Ons mag dit so sê. Alles wat God was, het Hy in Christus gestort, want Hy het Homself leeggemaak en Dit in Christus gestort. "En Christus was die volheid van die Godheid liggaamlik." Alles wat Jehova was, het Hy in Christus gestort.

En alles wat Christus was, het Hy in die Kerk gestort; nie in een individu nie, maar in die totale Liggaam. Daar, waar ons saamkom in eenheid, het ons krag. Alles wat God was, was in Christus; en alles wat Christus was, is in jou.

"Want God het vlees geword, en onder ons kom woon." I Timotheüs 3:16, as julle dit afskryf, "En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, en ons het Hom hanteer. God, Jehova, vlees gemaak, en gewandel op die aarde, en ons het Hom met ons oë gesien."

21 Julle weet, in dieselfde hoofstuk, van Johannes 14, het Phillipus gesê, "Here, toon ons die Vader, en dit sal ons bevredig."

22 Jesus het gesê, "Ek is so lank by julle, Phillipus, en jy het My nie geken nie? Wanneer julle My gesien het, het julle die Vader gesien. En hoekom sê jy vir My, 'Toon ons die Vader'?" God was vlees gemaak.

23 Nou hier is dit. Die Vader was God oor jou, sê ons. Ons was sedert Adam. God, die Vader, was oor Moses en die kinders van Israel, in 'n Pilaar van Vuur. Toe, God met ons, in Christus; met ons gewandel, met ons gepraat, met ons geëet, met ons geslaap. God oor ons; God met ons, en nou God in ons. Alles wat God was, het ingekom in Christus; alles wat Christus was, het ingekom in die Kerk.

Wat is dit? God wat in jou werk. Enige plek in die wêreld wat Hy na jou wil roep, jy is net daar, werkende in jou om Sy

goeie wil te doen. Hoe ons God behoort te dank daarvoor! God, die Heilige Gees, is gestuur vir die doel van God om te leef in Sy Kerk, wat deur elke eeu beweeg om Sy Goddelike wil uit te werk.

24 Wanneer mense met jou spot, hulle spot nie met jou nie, hulle spot met Hom wat jou gestuur het. So het Jesus gesê, "Geseënd is julle wanneer mense alle soorte kwaad sal spreek teen julle, valslik, om My Naams ontwil. Geseënd is julle." En weer, "Almal wat goddelik lewe in Christus Jesus sal vervolging verduur."

Want, toe God Homself bekend gemaak het in Christus, het hulle Hom gehaat. Wie het Hom die ergste gehaat? Die kerk. Die kerk het Hom die ergste gehaat. Hulle het Hom erger gehaat as die—die dronkaard. Hulle het Hom erger gehaat as al die ander mense. Dit was die kerk wat Hom gehaat het. So, daarom, wanneer julle *kosmos* sien, "Die wêreldorde, die wêreld het Hom nie geken nie," beteken, "die kerk," sogenaamd, "het Hom nie geken nie. Hy het gekom na Sy eie, en hulle het Hom nie ontvang nie."

"Maar soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die krag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat aan Sy Naam geglo het." O, hoe ons Hom moet liefhê en Hom aanbid! Die doel van God, om in gemeenskap te wou kom!

25 Soos, voordat ons daardie teks verlaat, laat ons dit gebruik; in die dae van Rut, in die dae van verlossing, toe Naómi die land verlaat het, as gevolg van beproewing, harde tye. Sy het die Moabitiese land binnegegaan, wat net lou-warm was, nominale Christene. Want, die Moabiete het gekom vanaf die dogters van Lot, en hulle was sogenaamde gelowiges, en verward. En toe het haar man gesterf, en haar twee seuns het gesterf. En op die pad huis toe, Naómi. . . Rut en Naómi, op haar pad huis toe, haar. . . Een van haar skoondogters, Orpa, sy het gesê sy sou teruggaan na haar land, na haar gode en na haar kerk en na haar mense. En Naómi het probeer om Rut te kry om terug te gaan, maar sy het gesê, "U mense is my mense. U God is my God. Waar u sterf, daar sal ek sterf. Waar u begrawe word, daar sal ek begrawe word. En ek sal nie terugdraai nie."

26 Dis wanneer 'n persoon 'n visie gekry het. Maak nie enige verskil wat haar mense gesê het nie, "Jy gaan daarnatoe om 'n dweper of iets te word." Dit het nie enige verskil vir Rut gemaak nie. Daar was 'n doel van God om vervul te word.

27 En net so seker as wat jy honger vanaand vir die Heilige Gees, dis iets in jou, wat jou trek, dat 'n doel van God in jou lewe vervul moet word, net soos dit was met Rut.

28 Die storie is so pragtig! Ek kan dit net nie los vir 'n oomblik nie. Julle ken die verlossingsreg, dat toe Boas. . . Julle

ken die storie van hoe Rut opgetel het in die veld en guns gevind het met Boas. En voor hy met haar kon trou, moes hy alles terugkoop wat Naómi verloor het. En die enigste een wat Naómi se verlore eiendom kon terugkoop, in die verlossingsreg, was ’n naasbestaande; moes bloedverwante wees voordat hy kon terugkoop. En dit was haar naaste bloedverwant. En hy moes ’n publieke onderskeidingsteken doen buite die poort, of ’n publieke erkenning dat hy alles teruggekoop het wat Naómi verloor het. En Boas het dit gedoen deur sy skoen af te skop voor die oudstes, en gesê, “As hier enigiemand hier is wat enigiets het wat aan Naómi behoort, ek het dit vandag teruggekoop.”

29 En dis die manier wat God gedoen het, Sy Eie wette gevolg. God kan nie volg, jou een wet gee om te volg en Hy ’n ander volg nie. Hy volg Sy Eie wette. Toe God, ten einde Sy verlore kerk te verlos, die verlore wêreld, die verlore skepping; God, Wie oneindig is in Gees, om die verlore menslike ras te verlos, het God Self bloedverwant geword, ’n Man, ’n Seun wat Hy geskep het in die baarmoeder van Maria. En toe het Hy ’n onderskeidingsteken gedoen, of ’n getuienis; buite die poorte van Jerusalem, Hy was opgelig tussen die hemel en aarde, en het gesterf en alles verlos. En deur te bloei, het Hy ’n Kerk geheilig waarin Hy Self kon woon, en mee gemeenskap en omgang hê, daardie verlore plek van gemeenskap vanaf die tuin van Eden waar God afgekom het elke aand, kerktyd.

Het jy opgelet, God het afgekom in die koelte van die dag, die sonsondergaan. Daar is iets omtrent wanneer dit begin nag word, mense dink aan kerk en aan God; Christene. Jy sien die son ondergaan, jy besef dat jou son ondergaan.

30 En in die koelte van die aand sou Hy afkom en met hulle omgaan. En daar het Hy daardie gemeenskap verloor, want sonde wou Hom dit nie laat doen nie.

En toe is Hy vlees gemaak en het onder ons gewandel, ten einde dat Hy weer kon terugkom na die mens, en in die mens woon en ’n man weer herstel na die toestand van gemeenskap met Hom, en hom sy Godgegewe reg teruggee. Dis wat Hy gedoen het.

31 Dis die doel van die Heilige Gees. Dis weer die Vader, God die Vader wat in jou woon, wat Sy planne uitwerk, om Sy plan van verlossing te voltooi; wat deur jou werk, jou ’n medewerker saam met Hom maak; jou ’n plek gee, jou ’n plek gee vir jou gevalle, verlore broer en suster; jou Sy Gees gee en Sy liefde, om die verlorenes te soek, soos Hy gedoen het in die tuin van Eden. “Adam, Adam, waar is jy?” Dis wat die Heilige Gees doen aan ’n man of ’n vrou. Wanneer Dit in hulle harte tref en Sy intrek neem, daar is ’n dors en ’n honger vir verlore siele.

Dis wat die probleem is met die byeenkomste vandag. Daar is nie genoeg Geestelike aanraking daarin, om te gaan vir die siele van die verlorenes en sterwendes nie. Dis meer om 'n naam te maak, of 'n kerk, of 'n gebou, of 'n denominasie, in plaas van 'n siel-wen program. Hoe jammerlik! Ons kan baie daarop bly.

God het Homself gestort in Christus. Korrek.

32 Christus het Homself uitgestort in die Kerk. Daarom, nou kyk, "In dié dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, en julle in My, en Ek in julle. In dié dag sal julle dit weet." Want dis, die hele ding is een plan van verlossing wat afkom, dat God terugkom om in te woon, en vertoef by, en gemeenskap te hê met Sy mense, soos Hy het in die begin.

Nou, dan, so gou as Hy Sy Kerk in pratende toestand kry, Sy Kerk kry op 'n plek dat Hy Self kan deurvloei, en liefhê, en oorreed, en gemeenskap hê, dan sal daar 'n Eden wees. Hy sal Sy Kerk terugneem na waar Dit—Dit Hom verlaat het, weer terug na 'n Eden, daar waar Dit geval het. Dit, nou . . . Dis waar Dit Sy eerste begin, of val gemaak het. Daar is waar Dit reguit teruggeneem sal word, met elke skoon lei van verlossing, wat hulle weer reguit terugbring na daardie plek.

33 Die Kerk is in die wêreld vir 'n geruime tyd. En die Kerk, regtig, na die hervorming, van vytienhonderd jaar van donker eeue . . . Luther was die eerste hervormer om voort te kom na die rondte van die apostels. En toe, toe Luther voortgekom het, het God 'n klein bietjie van die Gees gestort en Dit uitgegiet op die Kerk, in regverdigmaking. En toe in die dae van Wesley, het Hy 'n bietjie meer van Homself uitgestort, in heiligmaking. En soos die eeu aangegroei het, na die endtyd, het God Sy Kerk gevul. Kyk net rond en vind uit of dit die Waarheid is of nie.

34 Kyk na die Lutherse eeu, julle wat geskiedenis lees, kyk na hulle herlewing en wat dit gedoen het. Kyk hoeveel groter die Wesley herlewing was, hoeveel meer krag hulle gehad het, maar in die minderheid. Kyk in die dae van Pinkster, wat 'n herlewing hulle toe gehad het, wat 'n groot, wye uitstrekking.

35 Ook, *Our Sunday Visitor*, die Katolieke koerant, beken dat die Pinkster een miljoen vyfhonderdduisend bekeerlinge gemaak het in een jaar, al die res die kerke saam oortref. Die Katolieke het slegs verander, na bewering, 'n miljoen. In hulle eie *Sunday Visitor*, die koerant genaamd die *Sunday Visitor*, het verklaar dat die Pinkster hulle oortref het.

En onthou, Pinkster bekeerlinge is Heilige Gees gevulde bekeerlinge. In die minderheid, om mee te begin, aan die kant van die steeg daarbuite, met 'n—'n ou kitaar. En vroue kon nie eers 'n paar kouse bekostig nie. Gelê buite op die spoorlyn, en koring opgetel en dit fyngemaak en brood gemaak vir hulle kinders. Maar waarby het dit gekom? Die mees kragtigstaande

kerk in die wêreld vandag, nie in die oë van die wêreld nie, maar in die oë van God, want Hy bewys dit deur wat Hy vir hulle doen. Hy stort Homself in hulle, stort Dit in.

36 Let nou op wat plaasgevind het, God wat Homself in hulle uitstort. Nou die Kerk het gekom by 'n plek, vanaf Luther, Wesley en die herlewing is aan tot Pinkster; en nou binne-in hierdie eeu waar ons nou kom, deur dieselfde Heilige Gees, net meer Daarvan. Nou, toe daardie Lutherane daar terug gered is, het hulle 'n deel van die Heilige Gees gekry. Toe die Metodiste geheilig is, dit was die werk van die Heilige Gees. Sien, dit was 'n deel van die Heilige Gees. "Hulle sonder ons is nie volmaak nie," sê die Skrifte. Sien.

37 Nou, God, soos die Lig begin skyn het in die laaste dae, verwag Hy ons, 'n groot ding van ons. Want, "Waar daar baie gegee is, daar word baie verwag." So Hy gaan baie meer van ons verwag as wat Hy het van die Lutherane of die Metodiste, want ons wandel in 'n groter Lig, met 'n groter Krag, met 'n groter . . . 'n—'n groter getuienis as wat hulle gehad het. Nou, ons het 'n groter getuienis van die opstanding. Ons het dinge meer standvastig, meer seker as wat hulle gehad het.

38 Maar dis net soos ek gesê het aan 'n Lutherse kollege, nie lank gelede nie.

Hulle het gesê, "Wat het ons?"

Ek het gesê, "'n Man het 'n land mielies geplant. Die eerste klein blare het opgekom, en hy het gesê, 'Dankie Here vir 'n—'n mielieoes!' Potensieel het hy dit gehad, maar hy het dit net in die vroeë vorm gehad. Aanstons het dit 'n stingel geword."

En 'n pluim het uitgekom, wat die Metodiste was.

39 As julle die natuur sal dophou, sal julle God sien werk. Daar is 'n geheim wat daar lê wat selfs saamgaan met my bediening. Sien? Dat, die natuur dop te hou, sien hoe dit doen, watter eeu en watter tyd, kan jy sien waar jy lewe. Hou die eeu dop.

40 Nou, dan, die Metodiste, hulle was pluime. Hulle het teruggekyk na die Lutherane, gesê, "Ons het heiligmaking; jy het niks Daarin nie."

Aanstons, vanaf daardie stuifmeel, vanaf die Metodiste, het voortgekom 'n korrel van . . . 'n mieliekop. Dit was Pinkster.

Daar het jy dit, regverdigmaking, een staduim Daarvan. Heiligmaking, 'n ander staduim Daarvan. Die Heilige Gees, 'n ander staduim Daarvan; Pinkster. Luther, Wesley, Pinkster.

41 Nou wat doen Pinkster? Ek vergelyk dit, want, in Pinkster, het dit teruggebring nie 'n groen blaar nie, nie 'n pluim nie, maar . . .

Die mielie kan nie sê aan die pluim, "Ek het geen nut vir jou nie." Of, die pluim kan nie sê aan die—die blaar, "Ek het geen nut vir jou nie," want dieselfde lewe wat in die blaar was het die pluim gemaak. Dieselfde lewe wat in die pluim was het die kop gemaak.

En dit was 'n Lutherse kerk wat die Wesley kerk gemaak het. Dit was die Wesley kerk wat Pinkster gemaak het.

Maar, Pinkster, wat is dit? Dis die herstel van dieselfde soort van korrel wat in die grond ingegaan het aan die begin, wat al die volheid van die Krag van Pinkster teruggebring het, deur die doping van die Heilige Gees, sien, in die laaste dae. O, dis 'n groot ding, te kyk, te glo en na te kyk.

42 Nou in hierdie eeu wat ons nou lewe, hierdie eeu, dis anderkant Pinkster.

Pinkster het homself bevestig in organisasie, en heelwat begin namaak oor organisasies. "Ons is *dit* en ons is *dat*." Dis net natuur. Jy kan dit net nie verhelp nie. Dis natuur. Hulle sal dit doen. Dis die plan, vir hulle om dit te doen.

Maar die Kerk het verder gegaan. Dit het gegaan in groter, meer kragtige. Dis die herstel van gawes.

En baie Pinkster mense glo nie in Goddelike genesing, bediening van Engele, en kragte van God nie. Baie Pinksters noem hierdie gesigte wat ek sien, "die duiwel." Baie organisasies wil niks eens Daarmee te doen hê nie, in Pinkster. Sien, ons het anderkant dit beweeg. Net soos Metodiste, Pinkster "mal" genoem het vir praat in tale. Net soos Lutherane, Metodiste "mal" genoem het vir skreeu. Sien?

Maar dit kom alles voort van die Heilige Gees, totdat die groot Kerk opgevul is en propvol, halleluja, [Broer Branham slaan twee keer op die preekstoel—Red.] van die groot kragte van Almagtige God. Totdat, dit by 'n plek gekom het totdat die einste werke wat Jesus gedoen het hulself manifesteer reg in die Kerk nou. Ons is naby, vriende.

43 Laat ek hier stop, net vir 'n oomblik, om te kry waarvoor God die Heilige Gees in die Kerk gesit het, julle nog 'n tipe gee sodat julle sal weet. Terug in die Ou Testament, wanneer 'n—'n kind . . .

'n Man het vir homself 'n huis gemaak. Hy het sy bruid gekry, dis die eerste ding.

Toe het hy 'n groot man geword, soos 'n organisasie. Dit was goed.

Die volgende ding het gebeur, daar kom 'n geboorte in daardie huis. Dis wanneer die Heilige Gees, sien, nog 'n gees het ingekom wat 'n seun was. Daardie seun, hy was nie in volle beheer nie, ewemin was hy 'n erfgenaam tot hy 'n sekere ouderdom bereik het. En hy moes bewys word, eers. Ja.

En dan het hulle die wet van aanneming gehad. Aan julle predikers, "die plasing van 'n seun," is waarvan ek nou praat, sien, dan wanneer hy gekom het by 'n plek tot waar hy aangeneem was. Jesus het 'n pragtige illustrasie daarvan gegee, op die Berg van Verheerliking.

44 Soos ek gesê het, God sal nooit buite Sy wette gaan om enigiets te doen nie.

As jy 'n artesiese put het op *hierdie* heuwel, wat water reg oor die lug blaas. En op hierdie ander heuwel *hier oorkant*, het jy 'n oes wat verbrand. Jy kan op hierdie heuwel staan en skreeu, "O, water, hardloop hiernatoe en vul my oes! O, water, gaan na my oes!" Dit sal dit nooit doen nie. Maar as jy sal werk volgens die wette van die swaartekrag, kan jy daardie oes nat maak.

45 Jy het 'n siek man wat hier lê, of 'n sondaar wat hier lê, of 'n man wat reg wil wees, maar kan nie ophou drink nie, kan nie ophou rook nie, kan nie wellus en dinge opgee nie. As jy net sal werk volgens die wette van God, laat die Heilige Gees daar inkom, dan is hy nie meer sy eie nie. Hy, hy sal daardie ding stop, want die Heilige Gees neem hom oor. Maar jy moet werk volgens die wette van God, die reëls van God.

46 Nou, in die Ou Testament, toe hierdie baba gebore was, hulle het dit dopgehou om te sien hoe dit opgetree het, gedrag.

Dan het die vader, wat 'n groot besigheidsman was teen hierdie tyd, miskien in sy veertigs of vyftigs, hy het nie tyd gehad om hierdie baba te onderrig nie, self, so hy het gekry . . . In daardie dae het hulle nie publieke skole gehad soos hulle nou het nie, so hulle het gekry wat hulle genoem het 'n "leermeester," of 'n "opvoeder" onderwyser. En hierdie onderwyser was die beste wat hy kon kry, sodat hy getrou sou wees en die vader die waarheid daaromtrent vertel.

47 En dan wanneer hierdie seun 'n sekere ouderdom bereik het, sê, hy was volwasse. As daardie seun net 'n deugniet was, sleg, nie omgegee vir die vader se besigheid nie; al waaraan hy gedink het was flankeer en rondhardloop met die vroue, of—of drink, of dobbel, of perdewedrenne; daardie seun sou altyd 'n seun wees, maar hy was nooit in posisie geplaas om erfreg te hê tot alles wat sy vader gehad het nie.

Maar as hy 'n goeie seun was, en hy was besig met die vader se besigheid, en hy het bewys om die regte kind te wees, dan het hulle 'n seremonie gehad. Hulle het die seun buite in die straat geneem en 'n wit kleed om hom gesit en hulle het hom op 'n stellasie gesit sodat die hele stad kon sien. Hulle het 'n feesmaal en 'n jubileum gemaak, en die vader het dan die seremonie van aanneming gehad. Hy het sy eie seun aangeneem

in sy eie besigheid, en dan was die seun gelyk met sy vader. Met ander woorde, as dit vandag was, die seun se naam op die tjek was net so goed soos die pappa sin.

48 Nou kyk wat God gedoen het. Toe Sy Seun gebore was, Hy het Hom laat gaan vir dertig jaar, Hom getoets, Hom beproef. Toe het Hy hom drie jaar van harde beproewings gegee. En toe aan die einde van die harde beproewing, toe Hy gesien het dat Sy Seun besig was met die Vader se besigheid; Berg van Verheerliking, Boek van Lukas; Hy het Petrus geneem, Jakobus en Johannes, drie getuies, en opgegaan bo-op die berg en daar het God die wette van aanneming uitgevoer. Hy . . . Hulle het opgekyk en hulle het Jesus gesien en Sy klere het geskyn so wit soos die weerlig. En terwyl 'n Wolk Hom oorskadu het, en 'n Stem uitgekom het uit die Wolk, en gesê het, "Hierdie is My geliefde Seun; luister na Hom. Ek sal nou gaan sit en niks meer te sê hê nie. Wat Hy sê is wet en Waarheid."

49 Nou die kerk het gekom deur daardie skole. Sy het getrou terug daar, 'n lank tyd gelede, en 'n denominasie geword, 'n organisasie. Maar, julle let op, die Geboorte het iets anders geproduseer. En nou het dit gekom na 'n plek waar die Pinksterkerk, met die nuwe Geboorte, getoets en beproef is, en nou kom dit na 'n plek . . . God handel nie met die Kerk slegs as 'n organisasie nie. Hy handel nie met die Kerk as 'n—'n groep mense nie.

Hy handel met die Kerk as individue, elke individu in die Kerk. En nou het dit gekom by 'n tyd . . . En dis geen geheim nie; ons sien dit almal. Wanneer 'n man bewys en God het hom lief, neem Hy hom iewers uit by Homself. Daar voor die Engele doen Hy iets vir hom. Hy lig hom op daar in die teenwoordigheid van God, en begaaf hom, en vul hom, en stuur hom uit. Dis die eeu waarin ons leef.

50 Dieselfde Heilige Gees wat die Lutherane gered het; wat die Metodiste geheilig het; wat die Pinksters gedoop het; kry nou die Koms van die Here Jesus in orde. Wanneer, dit sal so kragtig wees, daardie Liggaam, sal in hierdie Groep kom, 'n Kerk, wat die res van hulle uit die graf sal trek. Daar sal 'n opstanding wees. Dis waarvoor die Heilige Gees is. Wat is die Heilige Gees? "Sonder ons kan hulle nie volmaak wees nie." Hulle het geleef in een dag, daaronder. Ons leef in 'n ander dag.

"Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, Ek sal . . . die Gees van God sal 'n standaard daarteen oprig." Sien? Ons is in 'n dag nou . . .

51 Terug daar, hulle was nie helfte so slim soos vandag nie. Hulle kon nie 'n atoombom of 'n outomobiel maak nie. Hulle het nie wetenskap en dinge gehad soos ons nou het nie, maar, en dinge van misterieuse dinge nie; om te probeer om te sê die

mens het bymekaar gewaai, deur ’n bietjie stof ensovoorts, en sekere analise neem en dit probeer bewys, om ongelowiges van mense te maak.

Maar nou, wanneer ons Dit nodig het, rig die Gees van God ’n standaard op. Wat is dit? Hy stort Sy Gees in. Dan, diegene wie rus daarbuite in die graf, of onder die altaar van God, soos die Skrif sê, wat huil, “Hoe lank, Here? Hoe lank? Hoeveel langer?” God wag vir jou en my. Die Kerk wag vir jou en my. Aannemingstyd, wanneer God Sy volheid in die ons kan uitstort, Sy Krag, Sy opstanding, dat wanneer die Kerk en Christus so naby mekaar kom totdat Christus sigbaar onder ons word en die dooies oprig en ons in die Wegraping gaan.

52 Nou gaan ons sê, wys binne ’n oomblik, dat net hulle wie gevul is met die Heilige Gees in daardie Wegraping gaan. “Want die res van die dooies het nie gelewe vir die tydperk van ’n duisend jaar nie.” Dis reg. Net Heilige Gees gevulde mense was al wat gegaan het in die Wegraping. Nou, God het die Heilige Gees gegee . . .

53 Ek het nog ’n Skrif hier, in Johannes 14:12. Dis ’n baie bekende Skrif vir al die mense hier by die tabernakel.

> *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, hy wat in My glo . . .*

Nou, moenie dat die woord “glo” julle soort van terugsit nie. In ’n nominale kerk, sê, “Ja, ek glo. Sekerlik, ek glo Jesus Christus is die Seun van God.” Die duiwel glo dieselfde ding. Dis presies. Die Bybel sê hy doen dit.

Maar die Skrif sê, in Johannes, dat, “Geen mens kan Jesus die Christus noem nie, slegs deur die Heilige Gees.” Jy het eintlik, volgens die Skrif . . . Laat ek hier stop net ’n oomblik, voor ek klaar lees. Jy is nie bekeer totdat jy die Heilige Gees ontvang het nie. Dis reg.

54 Jy glo “aan.” Die Heilige Gees het met jou gepraat en jy het Hom openlik bely. Die duiwel het dieselfde ding. “Ek glo dat Hy die Seun van God is.” So ook die duiwel. Maar jy stap aan na Hom.

Toe, Petrus geroep was en geregverdig deur aan die Here Jesus Christus te glo; en in Johannes 17:17, Jesus het hulle geheilig deur die Woord, want die Woord was die Waarheid. En Hy was die Woord. I Johannes sê, “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” Hy was die Woord, so Hy het hulle geheilig. Hy het gesê, “Vader,” gepraat met die Gees in Hom, “Ek heilig hulle deur die Woord,” Hy self, deur Sy hande op hulle te lê. “U Woord is die Waarheid.” Hom bloot net in ontstaan gespreek, in die baarmoeder van ’n

vrou; o, totaal onmoontlik vir Hom om enige ander manier te wees as hierdie Woord van God om Homself te manifesteer. "Ek heilig hulle."

55 Hy het hulle krag gegee teen onrein geeste. Hulle het uitgegaan. Hy het hulle name gesit in die Lam se Boek van die Lewe. En Hy het hulle uitgestuur, Johannes . . . Mattheüs 10, en hulle krag gegee oor onrein geeste; bose geeste uitdryf en werke doen, ensovoorts. En hulle het teruggekom, verheug, gesê, "Selfs die duiwels is onderdanig aan ons."

Hy het gesê, "Moenie juig omdat die duiwels onderdanig aan julle is nie; maar juig omdat julle name in die Boek is." En Judas was by hulle. Sien hoe naby kan hy kom; reguit aan op deur regverdigmaking, beweeg reguit aan in heiligmaking. Maar waar het hy sy lig gewys? Waar het hy homself gewys? Voor Pinkster het hy sy kleure gewys.

56 Kyk, daardie gees sal net so vroom en net so heilig as hy kan wees, totdat dit kom by die Heilige Gees, en hulle sal Dit net daar afsny. Dis daardie gees (kan julle dit sien?) wat opbeweeg, die antichris. En Jesus het gesê, "Hulle sal so naby aanmekaar wees, in die laaste dae, dit sou die einste Uitverkorenes mislei indien moontlik." Maar, onthou, dis net die Uitverkorenes wat dit sal sien.

God roep deur uitverkiesing. Julle, is julle nie bly dat julle een van hulle is nie? [Gemeente sê, "Amen."—Red.] Is julle nie, mense hier vanaand, wetende dat iets in julle hart trek, "Ek wil daardie Heilige Gees hê. Ek wil U hê, Here, in my hart"? Dis omdat God julle naam op die Lam se Boek van die Lewe gesit het voor die grondlegging van die wêreld. Hy het dit gesê.

"Niemand kan na My toe kom," het Jesus gesê, "behalwe as My Vader hom eers getrek het nie. En almal wat na My toe kom, hulle sal Ek die Ewige Lewe gee." Wat is Ewige Lewe? Die Heilige Gees. "Ewige Lewe," neem daardie woord en soek dit in die Grieks, en dit het gesê, *Zoe*. Zoe is die Heilige Gees. "Almal wat die Vader My gegee het sal na My toe kom. En almal wat na My toe kom, Ek sal hom die Heilige Gees gee en hom oprig op die laaste dag. Ek sal dit doen," het Hy gesê. Nie enige as-en-ens Daaromtrent nie. "Ek sal. Almal wat kom; en Ek gee Ewige Lewe." Hy sal moet opstaan, want hy het Ewige Lewe. Hy moet kom. Kan net so min sterf as God kan sterf.

57 O, my liewe vriende van rondom hierdie land en in hierdie klein stad, as ek net kon, met my menslike stem, in julle harte plaas die belangrikheid van die ontvangs van die Heilige Gees, dit sou die mees wonderlikste openbaring wees wat julle ooit in julle lewe gekry het. Te sien dat . . . Julle móét dit doen.

Laat my dit duidelik maak, omtrent, "Julle is nie bekeer nie."

58 Petrus was gered. Hy het aan die Here geglo, Hom gevolg. Jesus het hom gesê wie hy was, hom, hom laat volg. Hy het hom krag teen onrein geeste gegee en hom geheilig. Maar na dit alles, en die hoofsegsman van die groep geword; soos die Katolieke dit sal wil noem, "die biskop van die kerk, of die pous," of wat ook al dit was, die hoofman van die kerk; tog het Jesus gesê, die nag van sy verloëning, "Het jy My lief, Petrus?"

En hy het gesê, "Here, U weet ek het U lief."

Gesê, "Voed My skape." Hy het dit drie keer gesê.

En Petrus het gesê, "U weet ek het U lief, tot ek sal saam met U gaan na die—die einde, en ek sal saam met U gaan na die dood," ensovoorts.

59 Hy het gesê, "Voor die haan drie keer gekraai het, jy sal . . . voordat die haan kraai, jy sal My drie keer verloën het." Hy het gesê, "Maar, Petrus, Ek het vir jou gebid." Luister. Dis nie alles daarvan nie. "Ek het vir jou gebid. En nadat jy bekeer is, versterk dan jou broers."

"Nadat jy bekeer is." Hy het geskree. Hy het waarskynlik in die Gees gedans. Hy, hy het alle soorte dinge gedoen, maar hy het nog nie die Heilige Gees ontvang nie. "Nadat jy gered is, versterk dan jou broers," dis waar, "voer Sy plan uit."

60 Nou laat my Johannes 14:12 klaar lees. Nou in die 14de hoofstuk en die 12de vers, het Jesus gesê, "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, hy wat glo . . ." En julle kan nie glo . . . "Glo in My." Julle kan *aan* Hom glo. Hoe baie verstaan dit, sê, "Amen." [Gemeente, "Amen."—Red.]

61 Julle onthou, in Handelinge 19. Ek haat om dit hier te stop, maar ek moet dit net sê soos dit na my kom. In Handelinge die 19de hoofstuk, toe hierdie Baptiste prediker, wat 'n—'n advokaat was en gered was, en hy het gepreek en mense is gered. En hulle het groot vreugde gehad, net gejuig en geskree, tydens 'n byeenkoms. Handelinge 18, Aquila en Priscilla, ons het daarna verwys gisteraand, en hulle het gegaan om hom te sien. En hulle het geweet hy was groot man en hy was 'n student. En hy het met die Bybel bewys dat Jesus die Seun van God was, slegs met die kennis van die doping van Johannes. Hy het nog nie die doping van die Heilige Gees geken nie. So hy het . . .

Aquila en Priscilla, daardie man en vrou, klein tentmakers; wat, Paulus was 'n tentmaker, ook. En hulle het die Heilige Gees ontuang onder Paulus se leer. Hulle het gesê, "Ons het 'n klein broer wat opkom hiernatoe. Laat hom 'n klein bietjie met ons praat daaroor."

En toe Paulus opgekom het en hom hoor preek het, geweet hy was 'n groot man, het hy gesê, "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

Hulle het gesê, "Ons weet nie daar. . . of daar enige Heilige Gees is nie."

Hy het gesê, "Dan met watter," of die regte Griekse woord daar is, "hoe was julle gedoop?"

Hulle het gesê, "Ons is alreeds gedoop deur Johannes die Doper."

62 Nou kyk wat Paulus gesê het. Paulus het gesê dat, "Johannes het werklik tot bekering gedoop; nie vir vergifnis van sondes nie, maar tot bekering, gesê, dis wat julle geglo het."

Wanneer jy Christus aanvaar as jou persoonlike Saligmaker, glo jy *aan* die doping van die Heilige Gees. Dit is nie die doping van die Heilige Gees nie, my liewe Baptiste broer. Dit is verkeerd.

'n Broer het aan my gesê die ander dag, gesê, "Broer Branham," of 'n sekere tyd gelede, maande gelede, hy het gesê, "Broer Branham, Abraham het God geglo en dit was toegereken aan hom as regverdigheid."

Ek het gesê, "Waarlik."

Gesê, "Wat kan 'n mens meer doen as glo?"

63 Ek het gesê, "Dis al wat 'n mens kan doen. Dis al wat hy kan doen vandag is God glo. Maar God het hom 'n seël van besnydenis gegee," dit het ons deurgegaan gisteraand, "as 'n teken dat Hy sy geloof in Hom aanvaar het." En, vandag, totdat God. . .

Jy glo aan Hom wanneer jy Hom as jou persoonlike Saligmaker aanvaar. Maar wanneer God jou die seël van die Heilige Gees gee, verseël Hy jou tot jou Ewige bestemming. Nou julle Baptiste neem dit, en ek sal saamgaan met julle oor Ewige sekuriteit. Ja, meneer. Want, "Bedroef nie die Heilige Gees van God, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing nie." Julle is nie verseël deur aan te glo nie, maar verseël deur die Heilige Gees. Efesiërs 4:30, "Bedroef nie die Heilige Gees van God, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing nie." Dit verseël jou, wanneer jy guns gevind het by God en Hy jou verseël het deur die Heilige Gees.

Dit is so, want die Bybel het gesê, "Geen mens kan Jesus die Christus noem nie, slegs deur die Heilige Gees."

64 Jy sê, "Ek glo dit want die pastoor sê so." Hy is reg, maar dit tel nie vir jou nie. "Ek glo dit want die Woord sê so." Dis reg, maar dis nie vir jou nie, dit reken jou nie in nie.

Die enigste manier wat jy kan sê dat Jesus die Christus is, is wanneer die Heilige Gees in jou kom en bewys lewer en Ditself uitgetuig, "Hy is die Seun van God." Dis die enigste manier wat jy die opstanding ken, is wanneer die Heilige Gees

bewys lewer. "Wanneer Hy die Heilige Gees gekom het, Hy sal van My getuig, julle dinge wys wat sal kom; hierdie dinge, wat Ek gesê het, tot julle herhinneringe bring." Julle sal dit nooit in die skool vind nie. Sien? Hy sal hierdie dinge tot julle herhinneringe bring.

65 Nou ons wil net 'n bietjie verder in hierdie Skrif lees nou, Johannes 14:12.

> *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen; en groter . . .*

Wat, die regte vertaling daar is "meer," as julle dit wil opsoek.

> *. . . groter werke as hierdie sal hy doen; want Ek gaan na die Vader.*

66 As Hy na die Vader gegaan het, sou die Heilige Gees kom. Is dit reg? Nog 'n Skrif sê, "As Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie kom nie. Maar as Ek weggaan, sal Ek weer kom en met julle wees, selfs in julle." Sien, dis God met jou. Oor jou, eers; met jou, in Christus; in jou, in die Heilige Gees. Dis God in jou.

67 Nou, "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen," nie ander werke nie. Maar God wil die Heilige Gees bring, in jou, om dieselfde werk voor te sit wat Hy gedoen het in Christus.

Die werk was nie so nodig in die dae van Luther nie. Dit was God se Kerk. Dit was nie . . . 'n Klein bietjie meer nodig in die dae van Wesley.

Want, "Die wêreld," het die Bybel gesê, "sou swakker word en wyser en meer goddeloos, die hele tyd." Ons . . . Die wêreld word meer goddeloos al . . . Ons weet dit. Tog, mense doen dinge vandag wat, 'n honderd jaar gelede sou jy nie dink dat daar 'n menslike wese so wreed kan wees nie. "Meer goddeloos die hele tyd en die goddelose sal goddeloser handel, die hele tyd," het die Skrif gesê, "meer en meer."

68 So die Heilige Gees het beweeg. Daar was net 'n klein asempie daarvan by Luther; 'n klein windjie Daarvan by Wesley; en 'n dieper wind Daarvan by die Pinkster; nou het die asem en die Gees dieselfde geword. Sy smelt saam, om daardie selfde kragtelike wind van die Heilige Gees voort te bring soos Hy het daar terug, manifesteer dieselfde werke wat Hy gedoen het daar terug, word gemanifesteer reg vandag, dieselfde ding.

69 Kyk wat Jesus gesê het, "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks doen behalwe wat Hy die Vader eers sien doen nie. Wat die Vader doen, wys Hy die Seun. Die Vader woon in My; Hy doen die werke." Sien?

70 Nou let op, hier is nog 'n ding wat ek net hier wil sê. "Soos," het Jesus gesê, "soos die Vader My gestuur het. Soos,"

nou kyk, "soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." "As die Vader . . ." Hoe het die Vader Hom gestuur? Die Vader, wat Hom gestuur het, het afgekom uit die Hemel en in Hom gewoon.

Hy het uitgegaan. Hy het gesê, "Ek doen altyd wat My Vader behaag." Sien? Hy het rondgegaan en die dinge gedoen wat die Vader Hom gewys het om te doen. "Ek doen niks behalwe as My Vader My eers wys nie." Die God wat Hom gestuur het, was aan die binnekant van Hom. "En soos die Vader My gestuur het, dieselfde manier wat die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." Wat is dit? God in jou, wat voortsit (wat?) dieselfde werke, dieselfde.

Jesus het gesê, "Die . . . hy wat *glo*, hy wat My aan die binnekant van hom het, die Heilige Gees; hy wat *glo*, wat alreeds My opstanding aanskou het, weet dat Ek in hom is. Hy wat in My is; as julle in My bly, bly My Woorde in julle."

71 Nou jy sê, "Ek bly in Jesus; maar ek glo definitief nie in Goddelike genesing nie." Dit wys Hy is nie daar nie.

72 "Ek glo in Jesus; glo nie in die Heilige Gees in hierdie dag nie, nie soos hulle Dit daar terug gehad het nie." Dit wys Hy is nie daar nie.

73 Die Heilige Gees sal getuienis lewer van elke Woord wat Dit gespreek het. Hy is nie 'n leuenaar nie. Hy is nie bang vir enigiemand of geen organisasie nie. Hy hoef nie terug te neem vir enigiemand nie. Hy spreek en dan bly Hy daarby.

As die hoë en besoedelde en opgevoede, of soos ons dit noem, plutokrate, as hulle Dit nie wil ontvang nie, "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Hy sal boewe neem en dranksmokkelaars en enigiets anders en dit oprig. God kan dit doen en Hy doen dit." "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." Iemand gaan dit doen, want Hy is God.

74 "As julle in My bly en My Woorde in julle, vra wat julle wil," want julle vra Sy Woord, en Sy Woord is Lewe. Spreek dit. As God dit gesê het en jy is seker Hy het dit gesê, die Heilige Gees getuig daardie Woord is reg, dan, daar is jy broer. Spreek dit; daar is dit. "Sê vir hierdie berg, 'Beweeg.' Moenie twyfel in jou hart nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur." [Broer Branham klap sy hande drie keer saam—Red.] Nie jy wat spreek nie, maar die Vader wat in jou woon; Hy doen die praatwerk. Dis nie jy wat met daardie berg praat nie, dis die Vader wat in jou is wat praat met daardie berg. Dit moet beweeg. "Alle hemele en aarde sal vergaan," het Hy gesê, "maar My Gees sal nie . . . of My Woord sal nooit vergaan nie." Sekerlik, Dit kan nie vergaan nie. Vader!

75 Nou, "Die werke wat Ek doen." God is in Sy Kerk om Sy werke voort te sit. Dis hoekom Hy die Heilige Gees gestuur het. Nou, Hy het dit geweet. Hy, Hy het geweet dit sou nie wees, dit kon nie so gedoen word nie, so op 'n ander manier, so Hy moes stuur. Die Vader het die Seun gestuur, alles gesit wat in die fon. . .Seun in jou. En dieselfde werke wat Hy gedoen het, dieselfde einste werke nou wat Jesus gedoen het, sal jy ook doen, die Kerk.

Sou julle nie graag die werk van God wou doen nie? [Gemeente, "Amen."—Red.] Jesus het gesê, "As julle die werke van God wil doen, glo in My." Hoe glo jy in Hom? Jy kan dit nie doen totdat jy die Heilige Gees het nie.

76 Want, geen mens kan sê Hy is die Seun van God nie; jy sê wat iemand anders gesê het. "Die Bybel het gesê dat Hy die Seun van God is; ek glo die Bybel." Goed. "Die Bybel sê Hy is die Seun van God; ek glo die Bybel. Die pastoor sê Hy is die Seun van God; ek glo die pastoor. Mamma sê Hy is die Seun van God; ek glo mamma. My vriend sê Hy is die Seun van God; ek glo my vriend."

Maar die enigste manier wat ek kan sê Hy is die Seun van God, is wanneer die Heilige Gees inkom en getuig van Homself, dan weet ek Hy is die Seun van God. [Broer Branham slaan vier maal op die preekstoel—Red.] "Geen mens kan Jesus 'Christus' noem nie, slegs deur die Heilige Gees."

77 Huh! Geen mens wat spreek deur die Gees van God het Jesus vervloek genoem nie, of gesê Hy was iets daardie dag en iets anders vandag nie. Dit maak Hom swak en wankelrig. Nee, meneer.

Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig. Enige ware gees sal daarvan getuig. Goed.

78 Nou, Hy het gesê, "Hierdie werke wat Ek doen sal julle ook doen," Johannes 14:12, nou, dieselfde werke.

"O," hulle sê, "die kerk doen groter werk vandag." Op watter manier?

Hy het gesê, "Die werke wat Ek doen."

"Dat," hulle sê, "wel, ons het sendelinge oral oor die wêreld, dis 'n groter werk."

79 Maar Hy het gesê, "Die werke wat Ek doen." Nou doen hulle, doen hulle eerste, praat dan oor sendelinge.

80 Vandag, 'n sekere tyd hier gelede gepraat oor 'n Mohammedaan, hy het gesê, "Mohammed is dood."

"Dis reg, hy is in die graf, maar eendag sal hy opstaan." Hy het gesê, "As hy opstaan van uit die graf, die hele wêreld sal dit in vier-en-twintig uur weet." Hy het gesê, "Julle mense sê Jesus is al opgerig tweeduisend jaar en nie een-derde van die mense weet dit nog nie."

Dis omdat julle praat vanaf 'n intellektuele beskouing daarvan. Julle praat vanaf 'n standpunt van skool of opvoeding.

As hierdie hele groot kerk van God, insluitend Katoliek, Protestant, almal saam, die Heilige Gees ontvang het, hierdie wêreld sou solied lê in Christelikheid; daar sou nie so 'n ding soos kommunisme wees nie; daar sou nie so 'n ding soos struweling wees, of vyandigheid, of gemeenheid, of haat nie. Jesus sou op Sy Troon sit en ons sou deur die paradyse van God loop, met Ewige Lewe, vir ewig leef; alreeds opgerig in 'n nuwe liggaam, wat rondloop, om nooit oud te wees nie, nooit grys te wees nie, nooit siek te wees nie, nooit honger te wees nie; in die vreugde van God wandel, pratende met die diere. En, o, wat 'n dag! Maar ons het alles anders gedoen behalwe wat Hy . . .

81 Hy het gesê, "Gaan julle die hele wêreld in en preek die Evangelie." Wat doen die Evangelie? "Nie Woord alleen nie, maar deur Krag en demonstrasies van die Heilige Gees." Die Woord van God manifesteer is die Evangelie.

82 Julle kan dit nie doen nie. Nou, Jesus het geweet dat, dat Hy moes leef in Sy Kerk.

Daarom, Hy het geweet ons sou intellektuele skole hê. En julle sal Hierdie nooit in 'n intellektuele skool kry nie. Hulle sal Daarteen wees. Want al wat hulle weet is 'n sekere slim man se geleerdheid, sekere belydenis of denominasie wat hulle wil—wil volgens leef. So hulle sal—hulle sal jou aanstel daarin en jou 'n lid van daardie liggaam maak, en broer, sekere dinge vir jou aanhaal uit 'n belydenis wat sou lyk asof dit net perfek is. "Daardie groot heilige kerk, die moeder, dit het vele 'n slag deurstaan, dit het vele 'n stamp deurstaan." So het die duiwel; hy is uitgeskop oral wat daar is, amper, en hy gaan net steeds dieselfde voort. Ja, meneer. O, hulle probeer hierdie aanhaal.

83 So Jesus het geweet daar sou 'n groot intellektuele beweging wees net soos daar was in Sy dae, na 'n was van potte en panne en dra van klere en omgeslaande krae en alles soos hulle gedoen het, al hierdie verskillende dinge wat hulle sou doen. Hy het geweet hulle sou dit doen, so Hy het gesê, "Nou wag net 'n oomblik. Ek gaan julle nie troosterloos laat nie, Ek kom weer om by julle te wees. Daarom," het Hy gesê, "die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

84 Die doel van die stuur van die Heilige Gees was vir God om voort te gaan deur 'n klomp mense, om God voortdurend aan die wêreld te manifesteer. Dis presies. Nie deur 'n belydenis nie, nie deur 'n denominasie nie; maar deur die Krag van Sy opstanding, deur Sy Woord werklikheid te maak; deur Sy belofte te neem en te staan aan die kant van die minderheid en God te glo; en die swart lug te sien terugbeweeg en die Krag

van God inbeweeg en oorneem. Amen. Dis wat Hy wil hê. Dis waarvoor die Heilige Gees gestuur is. Dis watter doel Hy Dit voor gestuur het. Ons weet nou wat Dit is, en dis hoekom Hy Dit gestuur het.

85 Daarom, geen ander bloed sou mense heilig nie. Ek kon jou nie heilig nie en jy kon my nie heilig nie, want ons is albei gebore na seks. Maar Jesus was gebore sonder seks, dis reg, so Sy Bloed was die heiligmaker. En God het afgekom, 'n liggaam gemaak, daarin gewoon, Sy Bloed gestort vir ons heiligmaking wat die skuld gevoel van sonde en skaamte absoluut verdryf het. Dan, deur geloof, Daarin te glo, kom God reguit af in die menslike liggaam, deur die heiligmaking van daardie Bloed, maak hom Abraham se Saad, deur geloof.

86 Om te glo dat daardie Bloed sou kom, daardie suiwer Bloed wat 'n wonderwerk sou wees soos sy bloed, soontoe geloop nadat "hy so goed as dood was." God geglo vir vyf-en-twintig jaar, hy vyf-en-sewentig jaar oud, en geglo totdat hy 'n honderd was. En Sarah, vyf-en-sestig, en geglo totdat sy negentig was. "En hy was een so goed as 'n dooie."

En God het gesê, "Sodat die mense dit sekerlik nie sal mis nie, neem hom daar bo-op die heuwel en offer hom vir 'n offerande."

87 Hy het gesê aan sy dienaars, "Julle staan hier met die muil en wag. Die seun en ek sal oorkant toe gaan en aanbid, en die seun en ek sal terugkom." O, hoe gaan hy dit doen?

Abraham het gesê, "Ek het hom ontvang soos een vanaf die dood. En ek weet dat Hy wat hom gegee het, soos een vanaf die dood, is in staat om hom op te rig vanuit die dood as ek net Sy Woord onderhou. Onderhou, ek Sy Woord onderhou; Hy is in staat om hom uit die dood op te rig."

88 Perfek gespreek van Christus! Daar is Hy. En deur daardie Bloedsel het voortgekom die Heilige Gees, wat Homself vasgevang het in 'n liggaam genaamd Jesus. Daardie Bloed het 'n weg geheilig, deur geloof, om die verlostes te roep, of die Uitverkorenes van God. En wanneer jy Dit aanvaar het, en die Heilige Gees het al die gemeenheid uit jou geneem, beweeg Hy reguit in, God Homself, om Sy wil te bewerk.

89 Hieronder is, daardie gemene baas nors; en hierdie ander ou *so-en-so* hier oorkant doen *so-en-so*; en *hierdie* ou kêrel wat Daaroor praat, Daarteen. 'n Man gevul met die Heilige Gees sal reguit in die aangesig daarvan staan. Amen.

90 "En hulle het ag geslaan. Hulle was onkundig en ongeleerd, maar hulle het ag geslaan dat hulle by Jesus was." Dis waarvoor die Heilige Gees gekom het.

91 'n Klein ou visserman kon nie sy naam teken nie. Maar hy het daar gestaan en gesê, "Wie sal ons glo, mens of God?"

Amen. [Broer Branham klap sy hande een maal saam—Red.] "Laat dit aan julle bekend wees, ons sal steeds preek in Jesus se Naam." Goeiste, watter durf! Hy het geweet hy—hy het 'n Tuiste daar oorkant. Dis reg. Hy was 'n pelgrim en 'n vreemdeling hier. Hy het die Stad gesoek wat sou kom.

Wat het daardie skynheilige priester vir hom beteken? Hy was onder die heerskappy van die God van die Hemel, wat Sy Seun opgerig het, Christus Jesus, en hom gevul het met die Gees van God wat die hemele en aarde gemaak het. Daar is dit. Hy was nie bang vir hom nie. Nee, meneer. Dood . . .

92 Tog, toe hulle daardie klein ou Stefanus uitgeneem het daar en gesê het, "Trek dit terug!"

Hy het gesê, "Julle hardnekkiges, en onbesnydes van die hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Net soos julle vaders, so ook julle."

Hulle het gesê, "Ons sal jou doodslaan!"

Hy het gesê, "Julle kon dit nie doen as julle . . . ? . . . "

"Ons sal jou wys of ons dit sal doen of nie!" En hulle het groot klippe gegryp en hom teen die kop begin slaan.

93 Hy het opgekyk en gesê, "Ek sien die Hemele open. Ek sien die leer afkom. Ek sien Jesus wat staan aan die regterhand van Sy Majesteit." En die Bybel het nie gesê hy het gesterf nie; hy het aan die slaap geraak. O, goeiste! Ek kan net 'n Engel sien afkom, hom optel en hom sus soos 'n baba, 'n moeder, totdat hy aan die slaap raak. O, goeiste! Sekerlik.

94 Dis die doel van die Heilige Gees. Dis waarvoor God die Heilige Gees gestuur het. Die Heilige Gees het gekom om jou Krag te gee. Ek het nog 'n paar Skrifte hier, net 'n oomblik. Die Heilige Gees het gekom om jou Krag te gee. Ek—ek gaan . . . Julle kan hierdie vind; ek is net te veel weg vanaand.

Gee jou Krag, Krag in gebed!

95 Jy neem 'n persoon wat 'n goeie lewe gelei het, maar hulle is altyd verslaan. "O, ek sê jou . . . " Goeie persoon. "O, sekerlik, ek het die Here lief, Broer Branham." Altyd verslaan, hulle kry nooit 'n gebed geantwoord nie.

Jy vul daardie klein vroutjie met die Heilige Gees een keer, kyk wat plaasvind. Wanneer sy voor God gaan, sy is nie verslaan nie. Sy kom moedig na die Troon van God, gelowig. Sy het 'n reg want sy is 'n dogter van God, deur 'n Geboorte.

Neem daardie klein mannetjie, so lafhartig, die baas skop hom oor die hele plek. Sê, "Wag 'n oomblik hier nou." Iets het verander, sien, hy het die Heilige Gees. Dit gee jou Krag. Jou lewe is vol Krag.

Dit gee jou Krag in gesprek.

96 Tog, goeiste, daardie mense wat bang was, het daar buite gestaan; Petrus, Jakobus, Johannes, Lukas, en al die res van hulle. Hulle het klaar gegaan in die bo-kamer, en gesê, "O, ons kan nie meer sê nie. Hulle, kyk daar, daar is Dokter *So-en-so* en *so* daar buite. Daar is Rabbi *So-en-so* en *so*. Julle weet, hy het vier kollege grade gekry; hoe sal ek ooit teen hom staan?" Petrus het gesê, "O, ek onthou ek het daardie man vis verkoop eendag. Hy, hy het gepraat, en ek het nie eers geweet waarvan hy praat nie. O, ek kon nooit teen hom staan nie." Maar wat het. . .

"Wat kan ons doen, broers?"

"Hy het gesê, 'Wag.'"

"Wel, ons is hier vier dae."

"Hou net aan wag."

"Hoe lank?"

"Totdat."

"Wel, het Hy gesê dit sou op die vyfde dag wees?"

"Hy het nooit gesê hoe lank nie. Hy het gesê, 'Totdat.'"

Wel, hulle het net aanhou wag. Hoe lank? "Totdat." Agt dae het verbygegaan. "Totdat." Nege dae het verbygegaan. "Totdat."

En eindelik *toe die dag van Pinkster ten volle gekom het, was hulle almal* in een plek, eendragtig.

97 God was bo hulle, in 'n brandende Wolk; God het met hulle gewandel op aarde; nou sou iets anders plaasvind. Iets was gereed om te gebeur.

. . .*hulle was almal* in een plek, eendragtig.

En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos. . . 'n geweldige rukwind, en dit het die hele kamer gevul waar hulle gesit het.

. . .*verdeelde tonge. . .het gesit op. . .hulle.*

Wat is *verdeel*? "Geskei." Soos hakkelende, het julle ooit iemand hoor hakkel? Hulle gaan, "uh-uh-uh, o, uh-uh," sien, hulle kan niks sê nie. "Verdeel, geskei." Soos 'n *versplete* hoef, beteken iets wat "gesplete is, geskei." Hulle het nie gepraat nie. Hulle het nie gebabbel nie. Hulle het niks gedoen anders as net 'n geraas gemaak nie.

. . .*verdeelde tonge* het op hulle gesit, asof dit vuur was. (O, hulle kon nie hulself beteuel nie!)

En hulle was almal gevul met die Heilige Gees,. . . Whew!

98 Wat het toe gebeur? Buite na die strate het hulle gegaan. "Waar is daardie Rabbi Jones? Waar bly daardie kêrel? En waar is daardie intellektuele reus?"

"God was oor ons, by Moses, in die brandende bos; Hy het ons gevoer met manna van Bo. Hy het gewandel by ons vir drie jaar en ses . . . drie jaar en ses maande, hier op aarde. Maar nou is Hy in my. Dis nie ek wat praat nie; dis Hy. Ek weet wie Hy is, en ek weet wie ek is. Ek is nie meer nie, Hy is."

Bring hom hiernatoe! *Julle manne van* Israel, *en* . . . julle *wat woon* in Judaea, laat dit *bekend wees aan julle—bekend aan julle, en luister na my* stem, al julle predikers en rabbis.

Whew! Goeiste! Krag van Spraak! O! "Hierdie is nie dronk nie!" Opgeneem vir daardie klein minderheid, honderd-en-twintig, teen tienduisend of meer.

. . . *hierdie is nie* dronk, *soos julle veronderstel nie, want* dit is nog maar *die derde uur van die dag.*

Ek is 'n volle Evangelie prediker. *Maar dit is dit wat* gespreek is *deur die profeet Joël;*

. . . *dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, Ek sal uitstort* . . . *my Gees* (whew) *op alle vlees: en julle* . . . Julle sien Maria daar buite dans in die Gees, praat in tale en aangaan? . . . *op alle vlees:* . . .

. . . *en op my* diensmaagde sal Ek *uitstort* . . . *van my Gees;* . . .

[Broer Branham klap sy hande drie keer saam.]

. . . Ek sal tekens bo in die hemele wys, *en onder op die aarde;* . . . *pilare van vuur, en rookdamp:*

God was in Sy mense toe. Amen.

"Wel, nou, watter graad het jy? Waar, van watter skool het jy gekom?"

99 "Dit maak nie nou enige verskil nie." O, hy het begin om die Skrif in te gooi.

Dawid het hom vooruitgesien! . . . *Die Here altyd voor my* . . . *sal nie beweeg word nie.*

. . . boonop het *my hart* gejuig, want . . . *en my tong was* blygemaak;

. . . hy sal *nie my siel in die hel los nie, ewemin sal hy toelaat dat sy Heilige Een verderwing sien.*

. . . *laat my vrylik praat met julle van die patriarg Dawid,* . . . *hy is beide dood en begrawe, en sy graf is by ons* . . . *hierdie dag.*

Maar deur 'n profeet . . . het hy die koms van die Regverdige Een vooruitgesien.

. . . en laat dit bekend wees aan julle, *dat God hierdie selfde Jesus gemaak het, wie julle gekruisig het* deur goddelose hande, *beide Here en Christus.* Amen!

100 "Manne en broers, wat kan ons doen om gered te word?"

> . . . gesê, *Bekeer,* elkeen van julle, en word gedoop *in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van* jou sondes, en julle *sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*
>
> *Want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en* almal wat daar ver is, *selfs soveel as wat die Here ons God* ooit sal *roep.* Amen.

101 So lank as wat God 'n volk het, het God 'n Kerk, het God 'n Heilige Gees wat Daarmee saam marsjeer. Dis waarvoor God die Heilige Gees gegee het. Intellektuele sal opstaan; het altyd. Maar God het 'n minderheid êrens. God het 'n klein Kerkie wat reguit aan sal beweeg met die doping van die Heilige Gees, om die Lig te verklaar. En hulle sal diegene wees wat deur hulle getuienis die wêreld sal oordeel.

Sê die Bybel nie Jesus het gesê, "Geseënd is die opregtes van hart; hulle sal God sien"? En sê Dit nie dat, "Die regverdiges, die heiliges, die aarde sal oordeel nie"? [Gemeente, "Amen."—Red.] Sekerlik.

Jou getuienis vandag sal oordeel bring teen hierdie stad. Ons getuienis van die doping van die Heilige Gees en die Krag van God, 'n heilige lewe, sal oordeel bring teen die stad. Wanneer hierdie . . .

102 "Hulle wat eerste is sal laaste wees; hulle wat laaste is sal eerste wees." Ek sal niks weet omtrent Sankey en Moody nie, in hulle opstanding nie. Hulle sal niks omtrent my weet in hierdie een nie. Maar ek sal staan in hierdie een, om getuienis te gee; so ook julle.

En daardeur, verspreiding van julle Lig, en die doping van die Heilige Gees, en deur die lewens wat julle lewe, en die dinge wat God gedoen het om te bewys dat Hy hier beweeg; en met hulle intellektuele, weggestap Daarvan; sal hulle geoordeel word deur die heiliges. Hulle is alreeds geoordeel. Hulle is alreeds daarby verby. O, goeiste!

103 Ek het gepraat oor Krag van gebed, Krag van spraak, Krag van 'n heilige lewe. Amen. Dis wat die Heilige Gees moet doen.

104 Sommige van julle mense stap aan en sê, "Wel, ek kan net nie ophou drink nie. Ek kan net nie *hiermee* ophou nie."

Die Heilige Gees kom lewe in jou, om al hierdie "kannies" weg te vat van jou. Dis reg. Maak vroue hulle hare ophou sny, maak hulle ophou kortbroeke en langbroeke te dra. Geen verskonings nie. Maak hulle ophou babbel. O, ja, dis waarvoor Dit is, om vir jou 'n heilige lewe te maak. Dit sal die instruksies van die Bybel elke keer volg.

105 'n Vrou sê, "Dis net te warm; ek moet net hierdie dra. Gee my 'n hoofpyn as ek my hare laat groei."

Maar daar is geen verskonings by die Heilige Gees nie. Dis daar om dit so te maak. Dit sal die Woord presies volg. Dis wat die Heilige Gees moet doen.

Dis om julle manne hulle kop te laat wegdraai van daardie halfnakende vroue, en hulle ophou begeer, en 'n kerklidmate. Dis wat Dit moet doen.

106 Dis om jou te maak ophou rook en drink, en wees . . . 'n groot meneer te wil wees. Dit sal dit uit jou neem. Dit sal jou verneder wanneer jy dit doen. Dis waarvoor die Heilige Gees is. Dis vir 'n heilige lewe. Dis reg. Maak jou ophou skinder. Maak jou ophou kaart speel, dobbelstene gooi, en al hierdie ander dinge wat jy om die hoek doen.

Dit sal jou maak ophou met jou aangaan op die wyse wat jy doen, ontrou lewe aan jou vrou. Dis wat Dit sal doen. Dis reg. Dit sal jou maak ophou met iemand anders se vrou te wil trou. Dis presies reg.

Dis wat Dit is. Dis om jou 'n heilige lewe te maak lewe. Dis wat die Heilige Gees Krag voor is, "om jou emosies op dinge van Bo te rig," waar God staan by die . . . ? . . . die gedagtes van Christus in jou. Jy kan nie help om daardie dinge te sien nie; wanneer jy na hulle kyk, draai jy jou kop. Dis reg. Dis om jou te maak.

107 Jy sê, "Ek kan dit nie doen nie. O, ek kan dit net nie doen nie." Sekerlik, *jy* kan nie.

Maar die Heilige Gees het gekom vir daardie doel. Dis wat Dit gedoen het. Dit het gekom om dit uit jou te neem, al daardie ou gewoontes en dinge wat jy gedoen het.

Daardie ou terug-byt, jouself afsonder, en sê, "Prys God, ek is 'n Metodis, ek het niks te doen met daardie ou dwepers nie." Die Heilige Gees het gekom om dit uit jou te neem.

108 "Ek is 'n Baptis. Ek is 'n Presbiteriaan. Ek sal nie gaan na daardie klein ou dweper klomp nie." Die Heilige Gees het gekom om al daardie stysel uit jou te neem. Dis wat Dit gedoen het. Dit was jou in die Bloed; stryk jou uit. Dis wat Dit gekom het om te doen.

Dit kom om jou reg te ruk. Hy het gesê, "Maak die skewe plekke reguit." Dis wat Dit kom doen het; dit reg te ruk. "Maak die hoë plekke laag; maak al die berge lyk asof hulle almal dans soos klein rammetjies, en al die blare hulle hande klap, vir jou." [Broer Branham klap sy hande vier keer saam—Red.] Die voëls sing anders. Vreugdeklokke wat lui. Daar is geen verskonings nie. Dis wat Dit gekom het om te doen. Dis die doel van God in die stuur van die Heilige Gees, sodat julle hierdie dinge sou doen, dat julle sou werk . . . Hom navolg.

109 Nou ek wil julle nie seermaak nie, maar ek het julle gesê ek is hier met die diepste van opregheid. Om te weerhou om julle te knyp sal ek iewers afwyk van 'n lyn so af en toe; en bly by die Waarheid, maar daar bly en dit op so 'n manier maak dat dit julle nie te hard knyp nie.

110 Maar ek wil julle iets sê. As die Bybel sê dit is verkeerd vir 'n vrou om haar hare te sny, en jy sê jy het die Heilige Gees en sny dan jou hare, ek wonder of jy het. Moenie kwaad word nie; as dit het, dit wys steeds daars nog 'n merk teen jou.

111 As die Bybel sê dis verkeerd vir 'n vrou om 'n kledingstuk aan te trek wat behoort by 'n man, en julle dra hierdie klein ou oorpakke en broeke daar buite op die pad, julle volgroeide vroue! Reken 'n klein babatjie sou reg . . . ding, wat hulle speel met klein seuntjies en dinge. Maar, kyk, wanneer jy—wanneer julle volgroeide vroue, vyftien, sestien, agtien jaar oud, op tot ouma, daar buite op die pad! En die Bybel het gesê, "Dis 'n gruwel in die oë van God," vir 'n vrou om daardie dinge te dra. En julle dra hulle, in elk geval, en sê julle het die Heilige Gees? Ek wonder partymaal. Die Heilige Gees sal God se Woord volg tot die letter.

En 'n prediker agter die preekstoel, wat nie genoeg genade het om Dit te preek nie, ek betwyfel hy het Dit. Dis net presies! Wel, dis waarvoor die Heilige Gees is.

112 Dis om salwing aan die prediker te gee. Dis om heiligheid aan die groep te gee. Dis om die Kerk in orde te stel. Dis om 'n eenheid van Gees te bring. Dis om ons saam te voeg met Krag. Dis om ons saam te voeg met liefde, broederlike liefde.

Ek gee nie om of jy 'n Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, wat ook al jy is nie, as ons almal deur een Heilige Gees gedoop is in een Liggaam, en lede geword het van die Liggaam van Jesus Christus. Daar is nie . . . daar is niks huidig, niks toekomstig; honger, hongersnood; niks kan ons skei van die liefde van God, die liefde van Christus, "liefde van God wat in Christus is nie," want ons is gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed. Ons is 'n nuwe skepsel. Dis wat God gekom het om te doen. Dis waarvoor die Heilige Gees is. Ja, meneer. Dis wat.

113 Nou, mense, kyk na my, in die gesig. 'n Klomp hande het opgegaan, julle het die Heilige Gees; sien, sekerlik, daar was. O, nou ek—ek gaan net 'n klein bietjie hier rondspring. Hierdie is opgeneem. Maar ons gaan meer daarby kom môreaand.

As julle sê julle het Dit, en is skuldig aan hierdie, ek wonder wat jou lei. God sal jou nooit van die Woord af lei nie. Hy sal jou hou by die Woord, want dis God se Eie Wette, van Sy Kerk, vir Sy mense, vir vroue, en vir man.

114 "Wel," sê, "dit doen my nie skade om *dit* of *dat* te doen nie." Dit doen nie? Die Woord sê dit doen.

En as die Heilige Gees in jou is, Dit sal jou reguit na die Woord lei. Daar sal geen verskonings wees nie. God maak nie veranderinge of verskonings nie. Hy maak die merk en jy volg dit. Dis al. Dis wat dit is met almal. Jy kom dieselfde pad.

115 Petrus het gesê, "Bekeer, elkeen van julle; word gedoop, elkeen van julle in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van julle sondes, dan sal julle die gawe van die Heilige Gees ontvang." Sien? Net so. Ons moet daardie lyn bereik.

116 Nou ek bedoel nie om julle seer te maak nie; ek het julle te lief. Maar, broer, suster, besef julle, met. . . dat ek weet dat ek moet staan in die laaste dae by daardie opstanding, met hierdie geslag van mense, en rekenskap gee vir hierdie Woord? En die Heilige Gees wat dit wys, en ek wat Dit daar buite preek, waar gaan julle staan? Hoe gaan julle daarmee wegkom? Jy kan dit nie doen nie, vriend. Moenie. Nou hou op daarmee. Wat ook al jy doen wat verkeerd is, stop dit.

Jy sê, "Ek kan nie."

Dan het jy nog nie die Kan-ner in jou nie. Wanneer die Heilige Gees in kom, Hy gee jou Krag oor die wêreld. En as jy. . . Luister wat Hy gesê het, "As jy die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, dis omdat die liefde van God nie in jou is nie." Nou, daar is geen verskonings nie. Hy maak dit duidelik, en ons moet by daardie punt kom.

117 Ek weet julle dink ek is vreeslik. Maar ek is nou net vreeslik vol. Sien? Luister. Dit is waar. Nou kom op Daarna, broer, suster.

118 Moenie laat sommige van hierdie intellektuele kolleges hier rond julle vertel, "O, dis ou ouderwetse goed."

As Dit ou ouderwetse goed is, dan is God 'n ouderwetse. En as God 'n ou ouderwetse is, dan is ek ook. Amen. Ek wil soos Hy wees. Hoekom? Sy Gees is in my, wat honger en dors, wat alles teenstrydig met die Woord noem. . .

119 As die mense sê, "Dis alles reg vir, o, as 'n man 'n bietjie kaarte speel vir pret, en net 'n vyfsentstuk of twee dobbel. Dis alles reg." God sê dis nie.

120 "O, as jy net 'n goeie sosiale drankie neem en net 'n bietjie dronk word, af en toe."

Maar God het gesê, "Wee hom."

121 "O," julle sê, "dis alles reg, Broer Branham. Ek—ek—ek sny my hare as gevolg van 'n werklike ding. 'n Vrou, jy weet, die res van die vroue doen dit." Ek gee nie om wat die res van die vroue doen nie. Hulle is nie jou voorbeeld of hulle is nie jou baas nie. As jy die Heilige Gees in jou het, sal jy Sy instruksies volg ongeag wat mense van jou sê.

122 "Wel, Broer Branham, dis net so warm, en ek moet hierdie *so-en-so* klere aantrek." Hel is warmer as dit, liewe suster. Laat ek jou dit sê. En—en moenie. Onthou julle dit.

123 En die Heilige Gees sal jou altyd lei na Waarheid, en Sy Waarheid is die Woord. "My Woord is die Waarheid. Laat elke mens se woord 'n leuen wees, maar laat Myne waar wees."

En dink net, "'n gruwel." Kan julle dink?

124 Dis 'n vreeslike woord vir 'n prediker om te sê, maar ek het ingegaan in ruskamers van plekke waar dit sou net. . . Jy moet agteruitloop amper, dit was net so. . . En vuil goed op die mure. Ek het gedink, "Hoe op aarde kan mense so laag gedaal wees?" En stink! En wanneer ek inloop in daardie plekke, ek het dikwels gedink, "Wat 'n stank!" Ek sou. . . Daar binne, ek sou my neus vashou soos *dit*, om my hande te was. Ek was bang dat as ek vashou aan die deurknop, weer, daar sou kieme van veneriese en dinge wees. En ek het gedink, "O!"

125 Eendag, gestaan by 'n lughawe, een van daardie plekke het ek ingeloop, of 'n spoorwegplek, ek het daarin geloop. En ek het gedink, "O, genade!"

126 En Iets het aan my gesê, "Dis hoe die wêreld ruik vir God. Dis 'n gruwel."

127 Ek het gedink, wanneer ek 'n vrou die straat sien afloop, met haarself so uitgedra soos dit, en mansklere aan, dis hoe dit vir God lyk. Dis 'n gruwel, iets wat vuil en stinkend is voor God. Tog, sy sal kerk toe gaan Sondag, en optooi.

Daar sal 'n man gaan daar onder en drink en bedrieg en geld liefhê en sy buurman bedrieg en alles anders om 'n bietjie ekstra geld te kry; en hierdie dinge doen en dobbel en rook en drink en lieg; en dan kerk toe gaan en getuig. Gruwel! Vuilheid! Dis die intellektuele kerk.

128 Sê, "Wel, ek behoort aan die kerk." Ja, en moet die kerk uitlaat, vyftien minute, sodat al die diakens en almal van hulle kan rook, en die pastoor ook, voordat jy kan terug gaan om kerk te hê. My vertel? Sonder jouself af van elke onrein ding!

129 "Besoedel die liggaam; Ek sal dit vernietig." God het gesê Hy sal dit doen. En vandag, oor kanker, veroorsaak in die negentig persent van sterftes, van keel en longkanker, word veroorsaak deur sigarette te rook. "Besoedel die liggaam; Ek sal dit vernietig." Maar hulle is so helwaarts-oppad, aanrollende soos daardie, hulle weet nie."

En 'n prediker wat staan in 'n preekstoel met vier grade, uit die kollege, wat rook homself. Laat ek jou iets sê, broer. Die Heilige Gees was gestuur om manne en vroue uit te roep uit daardie ding. Sonder jouself af!

Die woord *kerk* beteken "afgesonder." "Kom uit van onder hulle," sê die Bybel. "Raak nie hulle onreine aan nie, en Ek sal

julle ontvang; en julle sal seuns en dogters vir My wees, en Ek sal God vir julle wees." O, goeiste! Ek bedoel nie om wreed te wees nie, maar ek bedoel om eerlik en opreg te wees. Ja, meneer. O, wat 'n verskriklike ding!

130 Manne en vroue, waar staan ons vandag? Waar is ons? Laat ons stop.

131 Die ander aand, oor 'n ou klein sitplekkie daar in die kamer, (en ek moet afsluit), 'n klein ou opvousitplek. Na gebed van drie of vier dae, so ek het by so 'n plek gekom, rondgegaan en gedink, "O God," en ek het in so 'n plek gekom totdat ek nie geweet het wat om te doen nie. Ek het gesê, "God, ons is aan die einde van die pad. En ek het besef dat ek nagelaat het. Ek het oproepe gehad om op te gaan, en moeg, en sou dit nie doen nie." Ek het toe gedink ek kon oorkant my Here sien steier in die duisternis, toe Hy so moeg was dat Hy kwalik een voet na die ander kon optel, maar Hy was nie te . . . Gestop vir 'n vrou van Nain, toe vir die seun wat uitgebring was daar wat dood was; totdat Hy kon oorgaan en die draagbaar aanraak, en watter bietjie krag oor was in Hom gebruik om daardie seun op te rig. "Wel, hoe het ek moeg geword? Wat is die probleem met my, Here? Hier dink ek, 'Wel, ek word oud. Ek—ek kan dit nie doen nie.'"

132 Daar was Moses, dieselfde God wat ek dien, oorkant gestaan, op 'n honderd-en-twintig jaar oud.

Daar was Kaleb, staan op die ouderdom van negentig, met 'n swaard in sy hand, en gesê, "Josua het hierdie swaard in my hand gesit, veertig jaar gelede." Hy was tagtig toe. Gesê, "Ek is net so 'n goeie man vandag as ek toe was." Amen.

Ek het gesê, "God, wees my genadig."

133 Ek het gesê, "Wel, kyk hier, ek is altyd . . ." En ek het my vrou geneem (daar agter) by die hand, oor hierdie Bybel en haar klein Bybel, en ek het gesê, "Skat, ek was te negatief. Die Heilige Gees veroordeel my binne-in my." Ek het gesê, "Ek dink aan daardie eekhorinkies daar oorkant. Ek dink aan Hattie Wright terug daar, en die klein seuntjies. Ek dink aan wat God gedoen het, gewys dat Hy God is, dat Hy kan skep." Halleluja!

Ek het gedink, "Hy het my dit gesê jare gelede, 'Ek sal jou nie verlaat nie. Ek sal jou nooit begewe nie. Geen mens sal voor jou staan nie, al die dae van jou lewe. Ek sal met jou wees. En vanaf hierdie hand van onderskeiding, sal dit kom totdat jy geheime van die hart sal ken. Daarna, sal dit hoër en hoër opstyg.' Die jaar daarna, perfek bewys, die wêreld oor. Hier kom hierdie, hierdie ander groot bediening, ver bo dit."

Ek het gesê, "Skat, ek neem jou hand. Met God se hulp en God se genade, laat my nooit weer negatief wees nie. Laat my voortgaan na hierdie herlewing hier om te preek soos nooit tevore nie. Laat my gaan hier, om eers myself te heilig en 'n weg

te maak vir die mense; dat my eie sondes, my eie versuim onder die Bloed sal wees, my eie te kortkomings onder die Bloed sal wees, dat ek mag uitstap en sê, 'Volg my, mense.'" Dis reg.

Ek haat om 'n man te sien sê, "Doen jy dit." Ek wil graag iemand sien wat die weg sal wys om dit te doen. Ja, meneer.

134 Hier 'n sekere tyd gelede, het ons 'n vuur onder in die stad hier gehad, Pfau Olie Maatskappy het aan die brand geslaan. Hulle het die Jeffersonville Brandweer daar onder gehad. En 'n vriend van my, 'n goeie man, nooit gewoond aan groot vure soos daardie nie, hy het daar geloop, en gesê, "Spuit 'n bietjie water *hier* oorkant, manne. Spuit 'n bietjie water *hier* oorkant."

Hier kom die klein Clarksville daarbo, "ding, ding, ding, ding," opgehardloop soontoe. En hy het gesê, die brandhoof het afgespring, gesê, "Spuit 'n bietjie water *hier onder*. Slaan hierdie venster *hier*. Spuit 'n bietjie water *daar*.

135 Maar oorkant die rivier het opgeleide brandweermanne vanaf Louisville gekom. Daardie groot hak en leer het nie meer as gestop toe was die hoof aan die punt van die leer. Toe die leer opgaan, was hy aan die hoof. Sy byl gegooi voor hy daar was, en die venster uitgeslaan, gesê, "Komaan, manne!" Dis dit. Die vuur het uitgegaan binne 'n paar minute.

Nie, "Spuit 'n bietjie water *hier*. Spuit 'n bietjie water *daar*." Herinner jou aan sommige van hierdie intellektuele predikers.

136 Komaan! Laat ons gaan! Ek weet Dit is die Waarheid. Ek het dit geproe en gesien. Glorie! Die Heilige Gees is reg. God is goed. Moenie *hier* probeer, *daar* probeer nie; laat ons in Hom inloop! Hy is hier. Dis vir jou. God het Sy Krag aan Sy Kerk gegee. Nie spuit *hierdie* hier uit nie, en spuit uit; jy sal nooit niks gedoen kry nie. Lei verder! Amen. Uh! Whew!

Kan nie meer eers deur hulle sien nie. [Broer Branham haal sy leesbril af—Red.]

137 Amen! Wat gaan ons doen? Elke persoon wat hier sit is gevul met iets.

Dan gaan ek afsluit; sal moet miskien, daarna.

Jy is gevul met iets. Jy kan nie daar sit sonder om vol van iets te wees nie. Jy het 'n lewe in jou. Daardie lewe regeer jou, en daardie lewe word regeer deur 'n gees.

Nou, jy mag vol van die wêreld wees, die wêreld liefhê of die dinge van die wêreld. God wees jou genadig.

Jy mag vol van belydenisse van 'n sekere kerk wees, sekere klein gebede wat jy sê, jy dink dit gaan bid na 'n sekere dooie persoon, of—of 'n sekere soort van 'n teken oor jou maak. God wees jou genadig.

138 En jy mag vol godsdiens wees, en dis nog erger. Dis reg. Dis reg. Die Bybel het gesê, "In die laaste dae sal hulle baie godsdienstig wees, 'n vorm van godsaligheid hê, 'n vorm van godsaligheid hê, maar die Krag daarvan ontken: van diesulkes draai weg."

As jy vol godsdiens is, is jy ellendig; net godsdiens, dis al. As jy vol belydenisse is, jy weet nie waarvan jy praat nie. As jy vol van die wêreld is, is jy blind.

139 En dan, weer, jy mag vol wees van die Heilige Gees. Amen. Ek hoop jy is. En, as jy nie is nie, ek hoop jy word vol. En as jy vol is van die Heilige Gees, wat het jy? Jy het Krag. Jy het liefde. Jy het vrede. "My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld nie, gee Ek julle." Jy het vrede. Jy is verseël. Jy het 'n teken. Amen. Jy het rus. Jy het onuitspreeklike vreugde, en vol van glorie. Jy is geanker. O, goeiste! Dis wat jy is, met die Heilige Gees. Jy het. . . As jy vol van die Heilige Gees geword het, "Jy het oorgegaan vanaf die dood na Lewe," wagtende vir die algemene opstanding in die laaste dag. Amen!

140 In die komende wêreld, deur ons Here Jesus Christus, en wie Hom sien kom in glorie en majesteit, "Die see sal sy dooies opgee." "Die verganklike liggame van diegene wat slaap in Hom sal. . . "

"Slaap in Hom." Hoe het jy in Hom gekom? "Deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam."

"Die verganklike liggame van hulle wat slaap in Hom sal verander word en gemaak word soos Sy Eie glorieryke liggaam, waardeur Hy in staat is om alle dinge aan Homself te onderwerp."

"Ek het 'n stem vanaf die Hemel gehoor," het Johannes gesê, "gesê aan my, 'Skryf, "Geseënd is die dooies wat sterf in die Here. . . "'" Hoe gaan jy inkom? "Deur een Gees is ons gedoop binne-in die Liggaam." [Broer Branham klap sy hande een keer saam—Red.] "'". . . wat voortaan in die Here sterf; want hulle rus van hulle arbeid; en hulle werke volg hulle."'" Hum!

Dis waarvoor Hy die Heilige Gees gestuur het. O, blye versekering, Jesus is myne! Ek is in Hom, en Hy is in my; die Vader in Hom, en Hy in die Vader; en die Vader in my, en ek in Hom.

Jesus is myne!
O, wat 'n voorsmaak van Goddelike glorie!
Ek is 'n erfgenaam van saligheid, gekoop deur God,
Gebore uit Sy Gees, wanneer gewas in Sy Bloed.

Amen. Ek sal dit nie verruil nie. O, goeiste!

Alle robyne en diamante, en silwer en goud,
Sy koffers is vol, Hy het onberekenbare rykdom.

Want ek is 'n kind van 'n Koning!
Ek is 'n kind van die Koning!
Met Jesus my Redder,
Maak my 'n kind van die Koning!

141 Amen en amen. Ek sal dit nie verruil nie. Ek sal dit nie verruil nie. Ek het twee of drie meer Skri-. . .

Dan, hier is nog 'n Skrif. Wanneer—wanneer jy gevul is met die Heilige Gees, dis die dinge wat jy het. Dan wat is jy vir die wêreld? 'n Vreemdeling. Ek weet dis laat, maar dis nooit te laat hiervoor nie. [Broer Branham klap sy hande een maal saam—Red.] 'n Vreemdeling! O!

Ons is pelgrims en ons is vreemdelinge hier,
Ons soek na 'n stad om te kom,
Die reddingsboot kom gou,
Om Sy Juwele Huis toe te neem.

142 Ek kan die water hoor spat oorkant op die Ohio Rivier, toe ek 'n ou klein seunsprediker was omtrent twee-en-twintig jaar oud, dit daar gesing. En ek het gehoor, opgekyk bo my, en 'n Stem hoor sê, "Kyk op." Hier kom 'n groot Lig wat regoorkant hang, af oor my beweeg en gesê, "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooraf te gaan, sal jy 'n Boodskap hê wat die tweede koms van Christus sal voorafgaan."

O, hoe kon ek dit glo? Maar dit het net so gebeur. En vanaand brand herlewingsvure om en om die wêreld. Groot vrygekoopde Kerk van God het Haarself uitgelig uit daardie plek, en groot genesingsveldtogte en tekens en wonders en wonderwerke, wat die koms vooruitskou.

143 Jy is 'n uitlander, en jy is 'n vreemdeling. Jy doen snaakse dinge, anders as wat jy gedoen het. Jy tree nie op soos jy het nie. Die mense. . .Die Heilige Gees, wanneer Dit op jou kom, en jy word gevul met die Heilige Gees, jy ignoreer die dinge van die wêreld. Jy ignoreer die dinge wat jou sou aanval. Jy ignoreer dit. Dan word jy 'n—'n vreemdoptreënde skepsel, die lelike eendjie, vir hulle, die klein arend wat onder die hen se nes uitgebroei is; wat ek gepreek het, *En Wanneer Die Arend Haar Nes Skud*. Jy is koddige skepsel vir hulle.

Maar, o, goeiste, loop op die Koning se Hoofweg! Amen. O, dis 'n Hoofweg na die Hemel. En ek loop op die Koning se Hoofweg.

Sê, "Kyk na daardie dweper, daardie lelike eendjie. Dis daardie dweper prediker."

144 'n Beroemde Metodiste prediker het aan 'n man gesê vandag, in Louisville, gesê, "Ek wil graag vir Broer Billy help, maar jy weet wat ek sal doen? Ek sal my nek moet uitsteek." Jy hoef nie jou nek uit te steek vir my nie.

Hy het Sy lewe uitgesteek vir my. Amen!...?...Loop net op die Koning se Hoofweg, dis al. O, goeiste! Gevul met Sy Gees! Gebore uit Sy Gees! Gewas in Sy Bloed! Halleluja! Gelukkig!

145 En dan nog 'n ding, tog, wat maak jou dit doen? Jy is steeds 'n mens, maar wat laat dit jou doen? Dis omdat jy kom, jy, jou Gees kom van bo. Dis God in jou.

146 Toe ek oorgegaan het na Rome, het ek opgelet dat hulle, elkeen, het 'n Romeinse gees. Toe ek gegaan het na Griekeland, hulle het almal 'n Griekse gees gehad. Ek het gegaan na Engeland; hulle het almal 'n Engelse gees gehad. Wanneer jy plekke gaan, jy vind...Dan vind jy die Amerikaanse gees; dis verskriklik.

147 Toe ek gegaan het in die San Angelo se katakombes in Rome, hulle het 'n teken daar gehad, "Asseblief, Amerikaanse vroue, trek klere aan, om die dooies te eer." Amerikaanse gees.

Sien hulle van die vliegtuig afkom, en daardie klein kleertjies aan, en almal kyk na hulle, en hier kom Mej. Amerika. Dis Amerikaanse gees. Jy kan sê waarvandaan sy is; aangetrek, jong, trek 'n klein ou snot-neus poedelhond agter haar aan. Dis reg. O, ja, sy is 'n...Sy, sy is Amerika, Mej. Amerika; loop af, julle weet, windmakerig soos daardie. Hoekom? Sy het Amerikaanse gees. [Broer Branham slaan ses maal op die preekstoel—Red.] Maar Jesus het gesê, Hy het daarteen getuig daardie dag, Hy het gesê, "Julle is van hierdie aarde hieronder. Ek is van Bo."

En as jy die Gees van Christus in jou het, is jy van Bo, dan is jy 'n vreemdeling hier.

148 Maar jy het die natuur van die plek waarvandaan jy is. Dis wat ek probeer sê. 'n Romein kom hiernatoe, hy krap sy kop; en 'n Duister kom hiernatoe; Amerikaner gaan daarnatoe. Hoekom? Jy het die gees van daardie lande waarvandaan jy kom.

Dis wat ons so baie verskillend van die wêreld maak. Jy is van Bo. Jy is gebore. Jy is—jy is 'n burger van 'n ander Koninkryk. Glo julle dit? [Gemeente sê, "Amen."—Red.] Dis wat die Heilige Gees is, is om jou 'n burger van die Koninkryk van God te maak.

149 Dan, as jy 'n burger van die Koninkryk van God is, hoe laat Dit jou optree? Soos God doen in Sy Koninkryk. Nou, wat doen God in Sy Koninkryk? Dis heiligheid, regverdigheid, suiwerheid van gedagte, suiwerheid van verstand; Krag en

liefde, gaan na die verlore, genees die siekes, doen wonderwerke, doen groot dinge. Dan, vir die wêreld lyk jy mal, en hulle sê, "Daardie kêrels is van hulle koppe af." Sien? Maar jy is 'n burger van die Koninkryk.

150 Een meer Skrif, as julle dit wil afskryf, Johannes 12:24. Laat ek dit vir julle aanhaal net vinnig. Jesus het gesê:

> . . . as *'n koringkorrel in die grond* val . . . behalwe as dit sterf, kan dit nie 'n ander lewe voortbring nie.

Nou, kyk, een slotopmerking nou. En onthou, dan, dit is absoluut . . . Nou, aan julle mense, dis absoluut essensieel en noodsaaklik, en gebiedend en verpligtend, dat julle nou die Heilige Gees ontvang. Want, as julle nie, julle kan nie in die opstanding kom nie. Nou kyk. God kan nie Sy wette verbreek nie. Ons weet dit. Hy volg Sy wette.

151 Nou, 'n—'n koringkorrel, of korrel, sal ons neem, soos Jesus gesê het daar. Natuurlik, 'n—'n korrel in die Bybel, ek het dit net gelees vandag, verwys na flas of enige soort van 'n saad, maar, koring, gars, "laize" of enigiets anders, dis 'n graan. Maar wanneer 'n koringkorrel in die grond val, nou, daar is . . . Almal van ons hier het gesien, weet dit gebeur. 'n Koringkorrel, of 'n graankorrel, kan so perfek lyk as dit kan wees, en jy sit dit in die grond, en as daardie korrel . . .

Dit het altyddurende lewe. Dit sal vandag afgaan, dit self voortbring in 'n stingel; terug afkom, en weer opgaan; en terug afgaan. Dis altyddurende lewe.

As daardie korrel nie die kiem van die lewe in het nie, maak nie saak hoe pragtig dit lyk nie, dit sal nooit opkom nie. Dit sal na die grond gaan en verrot, en dis dit. Deel daarvan, die materiale, kan gebruik word vir kunsmis en dinge in die grond. Maar sover as dit ooit weer lewe, dit sal nooit weer lewe behalwe as dit altyddurende lewe in het nie. Enigiemand weet dit. Jy kan net nie.

152 Daar kan twee manne wees, een van hulle net presies, albei van hulle net dieselfde. Een van hulle kan 'n goeie man wees, hy kan goeie werke doen, hy kan sovoorts doen; maar behalwe as daardie man Ewige Lewe in hom het, sal hy nooit opstaan in die opstanding nie. Hy kan dit nie doen nie; daar is niks daar om op te staan nie. Daar is niks om hom op te bring nie, daar is geen Lewe nie. So, jy sien, my liewe broer, my liewe suster, behalwe as 'n man weergebore is, kan hy op geen manier terugkom in hierdie Koninkryk nie. Hy kan nie. "Behalwe as hierdie Koringkorrel in die grond val en sterf." Hy het van Homself gepraat. Maar Hy het gehad, nie altydurende lewe nie, Hy het Ewige Lewe gehad; en die Lewe wat Hy vir jou gee, dat jy dieselfde soort van Lewe mag hê.

153 Nou, as jy net menslike lewe het, genoeg om jou te laat rondbeweeg en begeer, "Sy wat lewe in plesier is dood terwyl sy lewe," en jy kan nie opstaan nie. Jy mag die mees populêre meisie in die skool wees. Jy mag die mees populêre meisie by die kaartspel van jou vereniging wees. Jy mag die besgeklede vrou in die land wees. Jy mag die mooiste wees. Jy mag die beste gebou wees. Jy mag 'n afgod vir jou man wees. Jy mag al hierdie dinge wees, wat, dis wonderlik. Maar, suster, behalwe as jy die Heilige Gees in jou het, wat Ewige Lewe is, aan die einde van hierdie pad is jy klaar.

En ek gee nie om hoe jy lyk of hoe hierdie dinge is nie, of hoe populêr of onpopulêr jy is nie, hoe mooi of hoe lelik; as jy die Ewige Lewe het, daar sal jy virewig en ewig lewe.

154 Wanneer die maan en die sterre weg is, en die aarde het homself geween in die berge en woestyne, en alles het—het, dis nie meer nie; en die wêreld is wankellende soos 'n dronk man wat huis toe kom in die aand, en die sterre weier om te skyn, en val uit die hemele, en die maan verander in bloed; en die—die son bloos en verskuil sy gesig, wanneer hulle die Seun van die mens sien kom. Jy sal skyn in die regverdigheid van Jesus Christus, om voort te kom uit die graf as 'n jong, pragtige vrou, jou maat te neem, en leef virewig en ewig en ewig, en alle Ewige eeue sal jy steeds leef. Dis waarvoor die Heilige Gees is.

As jy die kleinste trek voel, moenie Dit wegdraai nie.

155 Wat is die Heilige Gees? God in jou. Waarvoor is Dit? Om Sy werk voort te sit onder Sy mense; om Sy Kerk bymekaar te bring, om die Kerk by 'n plek in hierdie dag te bring, ver anderkant die Lutherse, Metodis, en Pinkster, na 'n plek van 'n aanneming en 'n Wegrapende genade. Dat, wanneer hierdie deel van die Kerk, wanneer die Gees hierdie Kerk hier binnegaan, sal dit net opstaan; en dit sal al die verlostes voortbring wat daardie Gees aangeraak het.

Daardie Lutherane wat daar gestaan het met al die lig wat hulle gehad het, in regverdigmaking; daardie Metodiste wat geval het op die vloer, en hulle het water in hulle gesigte gegooi, van die Gees wat hulle getref het deur heiligmaking; daardie Pinskters, wat hulle die straat op en af geloop het en hulle genoem het "tonge-delong, en hakkelaars, en ganstaal," en dit alles; hulle sal staan in die regverdigheid, in die aangesig van God op daardie Dag, net so seker soos hierdie Bybel wat hier staan. As julle glo dat ek 'n dienaar. . . Julle noem my Sy profeet; ek noem nie myself dit nie. Maar, julle luister, ek vertel julle in die Naam van die Here. Diegene wat in Christus is sal God saam met Hom bring by Sy koms, by die opstanding, en slegs hulle wat in Christus is.

Hoe kom ons in Christus, mense?

156 Deur een belydenis word ons almal ingesluit? Nee. Deur een handskud word ons almal ingetrek? Nee. Deur een water word ons almal ingedoop? Nee. Of deur een denominasie word ons almal ingedenomineer? Nee.

Maar, deur Een Korinthiërs 12:13, "Deur een Gees, Heilige Gees, God se Gees, word ons almal..." Metodis, Baptis, Lutheraan, Presbiteriaan, "Wandel in die Lig, soos Hy in die Lig is, het ons gemeenskap een met die ander, en die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig ons van alle ongeregtigheid." "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en deelgenote gemaak van Sy genade."

157 Jy kan nie na oordeel gaan nie. "Hy wat My Woorde hoor en glo." Geen mens kan glo totdat hy die Heilige Gees het nie. "En glo in Hom wat My gestuur het," wanneer die Heilige Gees getuig het van Sy opstanding. "Het Ewige Lewe, en sal nooit veroordeel word nie, maar het oorgegaan vanaf dood na Lewe." Wat? Jy sal nooit die Oordeel kry nie. Jy sal nooit staan by die Wit Troon vir veroordeling nie.

Jy kry jou veroordeling net hier. Jy het jou veroordeling geslaag toe jy geslaag en gesê het, "Ek is nikswerd nie, en my opvoeding is nikswerd nie. Here, kom binne-in my, en neem my en lei my, Here. Ek gee nie om wat hierdie mal wêreld sê nie. Lei my, Here, deur U Gees." Jy is dan veroordeel. Oordeel jouself as 'n dwaas vir Christus, en, in Sy Regverdigheid, sal ons daardie Dag onsterflik staan in Sy gelykenis.

158 Slegs een manier. Hoe? "Deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam." En wanneer jy in daardie Liggaam is, oordeel het alreeds daardie Liggaam veroordeel, en jy het Hom aanvaar as 'n versoening vir jou sonde.

Jy sê, "Ek het die gedoen, Broer Branham."

Dan, as die Heilige Gees teruggekom het en jou 'n seël gegee het as 'n teken, daardie Gees bring jou binne-in die Liggaam van Christus. Jy draai terug na die anderkant, en jy is 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. "Jy het beweeg van dood na Lewe. Ou dinge is weg, en jy is nuut in Christus!" Amen!

159 O, asseblief, laat my julle oorreed, my Christen broer of suster. Moenie laat hierdie herlewing julle verbygaan nie. Julle moet die Heilige Gees ontvang. Wat is Dit? Die Gees van God. Waarvoor is Dit? Om jou te lei, jou te begelei, jou te vul, jou te heilig, jou uit te roep, na die Kerk.

Wat is 'n kerk, wat beteken die woord *kerk*? "Uitgeroep, afgesonder." O, hoe ek 'n preek daarvan kan neem nou dadelik! "Uitgeroep, afgesonderd," vreemdelinge, weg van die wêreld, pelgrim en vreemdeling, belydend dat ons geen aardse stad het wat ons begeer om in te woon nie. O, goeiste!

160 Soos Abraham en Isak, en Jakob, vertoef het, gewoon in tente in die land. Hulle het verklaar dat hulle pelgrims en vreemdelinge was, die saad van die erfgenaam, die erfgenaam daar terug; die vader, die erfgenaam. Ons is hulle sade. "En hulle het gesoek vir 'n Stad Wie se Bouer en Maker God is." Amen. Hulle het gesoek.

161 En vandag, hulle saad soek steeds vir 'n Stad om te kom, sê, "Ek wil nie aangepas word by hierdie wêreld nie. Ek wil niks te doen hê met hierdie wêreld nie. Ek wil, ek soek vir 'n Stad wat vierkantig gebou is. Ek soek vir 'n Stad wat Ewige Lewe het, waar die son nooit sal ondergaan nie, waar daar nooit ouderdom sal wees nie, waar daar nooit 'n rouband aan die deurknop sal wees nie, of 'n graf op die heuwel nie. Ek soek vir daardie Stad, Wie se Bouer en Maker God is."

162 Daar is net een manier om dit te vind. "Daar was 'n Rots gekap uit die berg, sonder hande, wat afgerol het in die wêreld en dit uitmekaar geslaan het, en dit het geword soos koring. . . of kaf op die dorsvloere." Laat daardie Rots, die Christus Jesus; daardie struikel-Rots vir die wêreld, 'n Rots van aanstoots, 'n bespottings Rots, 'n struikelblok vir die kerk; maar 'n kosbare en 'n Magneetsteen vir die gelowige, 'n Rots van versekering, 'n Rots van rus. O, goeiste!

Rus! Ek weet dat ek oorgegaan het van die dood na Lewe. My siel is gerus. O! "Kom na My toe al julle wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus vir julle siel gee." "'n—'n Teken waarvan kwaad gepraat sou word," het die—die profeet aan Maria gesê. Dit sal 'n teken wees, sekerlik, dit sal. Maar Dit sal 'n versekering wees. Dit sal 'n liefde wees. Dit sal 'n bevrediging wees. Dit sal iets wees wat jy weet jy het oorgegaan van dood na Lewe.

163 My broer, my suster; as julle broer, as julle dienaar in Christus; laat my julle oorreed, soos my hele hart. Moenie laat hierdie oor jou kop gaan nie, of verby jou gaan, of onder jou nie. Ontvang Dit binne-in jou hart, en jy sal 'n gelukkige persoon op aarde wees.

Ek beloof jou nie jy sal 'n miljoen dollars kry nie. Nee, meneer. Broer Leo, ek dink daar is te veel daarvan beloof nou, "miljoene van dollars," die dinge wat die verskillendes gesê het. "As jy 'n Christen sal wees, sal jy 'n miljoen dollars kry en jy sal 'n ryk man wees." Ek beloof jou niks.

Ek beloof jou dit, die enigste ding wat ek jou kan beloof, Sy saligheid. Sy genade is genoeg vir elke beproewing. Die mense by Pinkster, hulle wou nie eens hê wat hulle gehad het nie. Praat nou van miljoenêrs? Hulle wou nie hê wat hulle gehad het, Suster Angie.

164 Ek wil graag vir jou en Gertie hoor sing, een van hierdie dae, (waar is sy?), *Tuiskoms Week*, een van hierdie dae. Baie van hulle het al oor die grens gegaan sedertdien. O, goeiste!

Hulle het nie gevra vir groot dinge nie. Hulle het nie gevra vir geld nie. Tog, Petrus het gesê, "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou."

En ek sê dit vanaand, vriende. Die vreugde, die liefde, die versekering, wat ek het van Christus en Sy opstanding, wat ek het, bied ek julle aan; bied ek julle aan, as God se kinders.

En julle kom en bly by die kruis as God julle geroep het, en julle moenie opstaan nie. Wanneer julle kom môreaand, kom julle of om hier in te gaan en te bly totdat dit oor is; of kom op en ons gaan bid en vir jou hande oplê. Gaan. . . Dis die bevel van die Bybel, lê hande op hulle vir die Heilige Gees. En dan gaan ons, jy gaan na jou huis. . . As jy net daar bly, as jy die hele nag bly, bly die volgende dag, bly die volgende dag, bly deur die vakansies, bly tot die eerste van die jaar, en bly aan, bly totdat.

165 Dat, wat ook al ons môreaand oor onderrig, jou in die Bybel wys wat moet kom, sal kom. En wanneer Dit kom, dan is daar nie genoeg duiwels in torment. . . Jy weet jy het oorgegaan van dood na Lewe. Jy is 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. Die vreugdeklokke van die Hemel sal lui.

166 Broer Othal, ek sê jou, dit steek jou net aan die brand. Hier is 'n ou kêrel wat hier sit, 'n ou broer van my, wat 'n rampokker was wat met gewere aan sy sy geloop het, soek vir 'n man om die hoek, iemand om hulle brein uit te skiet. En wat het gebeur? Eendag het hy gekyk en geglo tot Lewe. En hy het aangestap. Hy het my byeenkomste gevolg. En die arme kêrel, met nie genoeg om te eet, en gelê en geslaap in bosse aan die kant van die tent, gehonger en gedors. En eendag het die Heilige Gees gekom. O, my broer, dit het jou verander, het dit nie? Dit het Lewe gebring, en dit het dood weggevat. Haat het weggegaan en liefde het ingekom. O, goeiste! Vyandigheid en struweling het alles weggeval; nuwe Lewe het ingekom.

Kyk hier na andere maal andere, andere maal andere, en daarbuite deur. O, die vreugdeklokke van die Hemel wat lui! Vriende, daar is geen manier vir my om dit uit te spreek nie.

167 Luister, dat ek dit mag agterlaat, as julle my getuienis geglo het, as 'n dienaar van Christus, en ek het probeer om julle te wys uit God se Bybel dis reg. En as my woorde lyk asof hulle net 'n klein bietjie snaaks hieromtrent is, kyk na daardie foto in die wetenskaplike wêreld. Let op die vrugte, wat hierdie Pilaar van Vuur wat die kinders van Israel gelei het, let op die vrugte wat Dit dra. Sien wat Dit doen, wat Dit vertel.

Dis nie ek wat spreek nie; dis Hy wat deur my spreek, julle sien. Dis nie ek wat die gesig sien nie; dis Hy wat deur julle spreek. Dis nie ek wat die siekes genees nie; dis Hy wat in julle is, genees die siekes. Dis nie ek wat preek nie; ek is 'n agterlike lafaard, en hardloop vanaf die einste gedagte, maar dis Hy wat deur spreek. En ek ken nie die Woord nie; maar Hy ken dit. Net so. Net so. Dis wat dit is.

En daar is Hy. En daardie selfde Engel van God is reg hier in hierdie gebou vanaand. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] O, hoe ek Hom lief het!

168 Nou hoeveel wil die Heilige Gees ontvang? Neem ondersoek van ons lewens. Hoeveel het Dit nie ontvang nie, en wil? Steek jou hand op, sê, "Broer Branham, die diepte van my hart, ek wil die Heilige Gees ontvang." God seën julle, oral.

169 Hoeveel van julle wat Dit ontvang het, en wil graag gaan soos hulle gedoen het by Handelinge 4, en sê, "O Here, O Here, steek uit U hand om te genees, en wys tekens en wonders in die Naam van U heilige Kind Jesus, en gee my alle durf en liefde, om te spreek, en 'n nuwe vulling"? Ja, hier is myne, ook. God, gee Dit aan my.

Laat ons, ons hoofde buig, in die diepste van opregheid, elke persoon wat jou begeerte in jou hart hou.

170 Here Jesus, ons sluit hierdie klein vergadering vanaand, na die gemeenskap rondom die Woord en die Heilige Gees. Hoe Hy ons geseën het en die olie van Sy Woord in ons harte uitgestort het! Daar is predikers, daar is manne hier wat alle lewensterreine was, wat geproe en gesien het die Here is goed. Ons weet nou wat die Heilige Gees is, 'n belofte van God. Dit is Ewige Lewe aan soveel as wat glo.

171 En ons weet dat die Heilige Gees was die Gees van Jesus Christus teruggestuur, en Hy is in ons vandag. Soos God bo ons was, in daardie Pilaar van Vuur; toe met ons gewandel het, in die . . . 'n liggaam wat genoem was *Emmanuel*, "God met ons"; en nou is Hy in ons, deur die Heilige Gees, God in ons. O!

Jesus het gesê, "In dié dag sal julle weet ek is in die Vader, en julle is in My, en Ek is in julle. Julle sal dit verstaan daardie dag. Want, julle is in 'n wêreld van duisternis, so te sê, nou, maar op daardie dag sal julle verstaan."

172 Vader, dit kon nie eenvoudig en perfek gemaak word nie, want dan sou ons niks hê om geloof voor te hê nie. Maar alle werke van God word beheer deur geloof. En deur geloof in U Woord, in die bewys van die Heilige Gees wat ons weet nou is, vra ek dat elke honger siel hier binne gevul sal word met die Heilige Gees. Hulle wat Dit nie het nie, en wat Daarvoor honger, onthou net . . . Ons sal aan hulle sê, Here, soos hierdie wat U gesê het, "Geseënd is julle wanneer julle honger en dors. Julle sal gevul word." Dis 'n belofte. En dis selfs geseënd om te

honger. Julle is geseënd om selfs te weet dat God met julle gepraat het, want Dit het gesê, "Geen mens kan na My toe kom behalwe as My Vader hom eers trek nie."

173 En, Here, diegene wie ou veterane hier is, hulle het hulle hande opgesteek. Ek het myne op gehad. O Here, gee ons sterkte, gee ons Krag om die hand uit te steek na U heilige Kind Jesus, dat tekens en wonders gedoen mag word, dat dit 'n dieper bediening mag wees, 'n groter ding as wat ooit nog gebeur het. Gee ons durf en liefde, om met die mense te praat. Skenk dit, Here. Wees met ons in alle dinge, vra ons in Jesus se Naam.

174 En môreaand, Here, mag daar so 'n magtige rukwind val in hierdie gebou, dat dit net soos nog 'n Dag van Pinkster sal wees. Die fondasie is gelê. Alles is gereed. Die os is doodgemaak, die vetlammers is doodgemaak, die ramme is doodgemaak; die tafel is gedek, die gaste is genooi. O Here, stuur 'n jubileum van Pinkster, môreaand, binne-in hierdie gebou en vul elke siel met die doping van die Heilige Gees. Skenk dit, Vader. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

. . . ons sal 'n klomp dinge leer,
Ons sal 'n harp hê wat gemaak is van goud, miskien 'n duisend snare;
Ons sal sing en skreeu en ronddans, die lam sal ons trane afdroog;
Ons sal hê een tuis-. . . groot tuiskomsweek, week, die eerste tienduisend jaar. Amen!

Die dierbare Bloed van God se Eie Seun het gereinig en geheilig
'n Wonderlike volk vir Sy Naam en hulle word genoem die Bruid.
Alhoewel hier verwaarloos en verag, eendag sal die Here bring
Daardie uitverkorens binne-in die poort, en dis alles werd.

Wanneer ons binne-in die poorte van pêrel is, sal ons leer . . .

Wat Is Die Heilige Gees?
(*What Is The Holy Ghost?*)
16 Desember, 1959, Woensdagaand

Waarvoor Is Die Heilige Gees Gegee?
(*What Was The Holy Ghost Given For?*)
17 Desember, 1959, Donderdagaand

Hierdie boodskappe deur Broer William Marrion Branham was gelewer in Engels by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A. Elke poging is aangewend om die boodskap noukeurig oor te dra vanaf die magnetiese band na die geskrewe bladsy, en is gedruk en versprei gratis deur Voice Of God Recordings. Herdruk in 2009.

AFRIKAANS

©1995 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org